Daarom moet ons so oppas, kinders, om nie ons eie weë te volg nie. Selfgebaande weë is altyd gevaarlik. Ons moet oppas dat ons nie 'n verkeerde gids volg nie. Baie sal hulle aan u voordoen as gidse, maar in werklikheid is hulle verleiers. Die een sal u toeroep: Kom hierlangs, dit is die regte weg, dit is 'n maklike en 'n gebaande weg. 'n Ander sal sê: U hoef u nie so te haas nie, daar is nog baie tyd. O

luister tog nie na die stem van die verleier nie! Nee, volg tog niemand anders dan die gids wat die hemelse Vader u gegee het en volg Hom tog dadelik. Laat u antwoord aan al die ander wees: „Ek het geen tyd nie, want ek is bevrees dat die nag sal aanbreek, voordat ek die hemelstad bereik het. Hou my tog nie terug nie, want ek is bitter spyt dat ek my vaderhuis verlaat het, ek moet daarheen terug, hoe gouer hoe beter, terug huistoe. Hoor u dan nie Sy stem wat my toeroep om te kom en nie langer uit te stel nie. Ken u dan nie die waarskuwende woorde van die gesangdigter:

„Hy wat sy eie weg wil gaan,
Sien dwaallig vaak vir sterre aan,
en as die skynsel hom bekoor,
Dan dwaal hy van die regte spoor."

Laat ons daarom voortdurend met die psalmis bid: „Here! maak my u weë bekend; leer my u paaie. Lei my in u waarheid, en leer my; want U is die God van my heil." Ps. 25:4-5.

As ons reisgeselskap het skyn ons weg minder vermoeiend en lank te wees. Die verlore seun egter moes alleen die reis terug na sy vaderhuis aflê. En kinders wie is julle medereisigers op die weg na die hemelse Vaderhuis? Daar is 'n spreekwoord wat sê: „Wys my jou vriende en ek sal jou sê wie jy is," of in ander woorde: „Soort soek soort." Pas daarom op dat julle nie vriende sal hê as medereisigers, wat daarop uit is om julle te verlei, om julle al verder en verder weg te lei van die Heer. Daar is genoeg kinders van julle leeftyd, wat verlang om dieselfde weg te bewandel en wat uitsien na dieselfde vaderhuis. Soek dié kinders as julle vriende uit wat probeer om goed te doen en om die kwaad te vermy, kinders wat opgevoed is in die vrees van die Here en wat die wil en wet van God lief het.

Maar julle het ook nog ander medereisigers wat julle wel nie kan sien nie, maar wat tog met julle is, naamlik engele van God. Hulle is gedienstige geeste wat vir diens uitgestuur word, terwille van die wat die saligheid sal beërwe (Hebreërs 1:14). Die Woord van God leer ons dat die wat die Here vrees omring word deur die engele van God. (Ps. 34:8) en in Mattheus 18 lees ons: „Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is." Met die geboorte van 'n kind, so het die Jode geglo, word spesiaal 'n engel gestuur om by die kind te bly sy lewe lank tot die uur van sy dood.

Die beste en trouste metgesel wat julle op julle lewensweg het, het ons nog nie genoem nie naamlik die Here Jesus self. Julle ken seker die geskiedenis van die twee Emmousgangers wat ook die hemelse Vriend tot reisgesel gehad het. So voeg Hy Hom by alger wat die hemelse Vaderhuis soek om hulle te wys op die gevare wat hulle bedreig en op die poorte van die hemelse Jerusalem daar ver in die verskiet. Dat Hy kinders lief het en graag in die hemelse Vaderhuis deur hulle omring wil wees, blyk duidelik uit Sy woord tot die dissipels: „Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van God."

Met die uittog uit Egypte is die Israeliete getrou beskerm, oor dag deur die wolkkolom en gedurende die nag deur die vuurkolom. Julle het ook 'n troue Vriend wat altyd aan julle sy is. Julle vriende mag julle verlaat, vroeër of later móet hulle julle verlaat. Die hemelse Vriend

egter sal die wat Hom lief het nooit verlaat of begewe nie. Met die psalmis kan julle getuig: „Hierdie God is onse God, vir ewig en altyd; Hy sal ons lei tot die dood to." (Ps. 48:15).

Die verlore seun het teruggegaan na sy vaderhuis ten volle oortuig dat, hoewel hy teen sy vader en die hemel gesondig het, daar ook vir hom nog 'n plek sal wees. Nog meer seker kan die kind van God wees dat, hoewel daar duisende en nogmaals duisende die Vaderhuis daarbo binnegegaan het, daar ook vir hom nog plek is, want in die huis van die Vader is daar baie wonings. En as julle éénmaal in die hemelse Paradys is, dan kan julle nie weer daaruit verdryf word nie, soos Adam en Eva uit die aardse Paradys. Jule sal dan die genot smaak om in die huis van die Here te bly tot in lengte van dae." (Ps. 23:6).

V.D.M.

ALBERTUS STEPHANUS PRETORIUS (1883-1949)

Wyle Oom Bert, soos hy in Zeerust en distrik algemeen bekend was, is gebore op 20 Oktober 1883 op die plaas Bloemfontein in Maricodistrik. Hy was die tweede-jongste kind uit 'n gesin van dertien kinders van Zacharias Lodewikus Pretorius en Elizabeth Alida Jacobs.

As jong seun het hy dikwels saam met sy ouers jagtogte en transporttogte onderneem tot sover as by Kaptein Lobengoela in Matabeleland. Van hierdie togte kon hy baie interessant vertel.

Vir daardie tyd het hy 'n besonder goeie geleerdheid geniet. Die ou Hollandse skoolmeesters, veral meester Eigeman het 'n groot invloed op hom uitgeoefen. Hulle het hom sy netjiese handskrif en sy liefde vir sang geleer. Hy kon enige Psalm of Gesang sing.

Die ramp van die Tweede Vryheidsoorlog het hom swaar getref. Sy vader en broer Koos is by Derdepoort deur die Kaffers van Lynshi vermoor, en hyself is later deur dieselfde Kaffers vyf koeëlwonde toegedien. As 'n erg verminkte en kreupele kon hy later die hospitaal verlaat.

As gevolg van hierdie gebreke kon hy nooit 'n normale lewe lei nie, maar sy gees was egter sterk en ongebroke. Hy het net een studieboek gehad, en dit was die Bybel. Hy het die Bybel goed geken, en kon met vers en kapittel daaruit aanhaal. Hy was dan ook die Katkisasiemeester van sy omgewing.

In 1927 het hy saam met sy broer Marthinus en gesin na Zeerust verhuis, waar hy tot sy dood in 1949 gewoon het. Van sy gelukkigste jare was 18 jaar uit hierdie tydperk, wat hy onafgebroke Skriba-kassier van die gemeente was. Met pynlike netheid en presiesheid is elke takie afgehandel. Die boeke van die Kerk was sy trots. Gedurende hierdie jare was die Hervormde Gemeente van Zeerust feitlik sy lewe. Elke môre is hy konsistorie toe en het eers in die middag weer huistoe gegaan. Hy was, sover bekend, nog die enigste voltydse Skriba-kassier wat die Kerk gehad het. Hy was altyd in staat om 'n suiwere finansiële verslag aan gemeente- of Ringsvergadering voor te lê. Met lof en waardering is van sy dienste gepraat.

Baie gepas is op versoek op Albertus Stephanus Pretorius se begrafnis Gesang 68 vers 1 en 5 gesing. So was sy lewe, stil en nederig met 'n diepe toewyding aan sy dagtaak, maar ook met 'n onwrikbare en vaste geloof in sy Heer en Meester.

M. M. J. BASSON.

GELOFTEFEESREDE UITGESAAI VANAF PAARDEKRAAL OP 16 DESEMBER 1964.

TEKS: Pred. 5:1 & 3.

Oor die lengte en die breedte van ons vaderland is daar vandag duisende mense, letterlik duisende mense besig om geloftefees te vier. En dan vra ons vir onsself die vraag af: waarom is hierdie mense saam en waarom is hulle besig om hierdie fees te vier en wat beteken hierdie saamwees van die volk op hierdie dag vir daardie feesvierende menigte en watter krag het dit vir hulle vir die dag van môre en elke dag daarna. En wanneer ons al hierdie vrae stel dan moet ons ook op daardie vrae 'n antwoord vind; as ons in hierdie tyd waarin ons lewe onder hierdie volk waaraan ons behoort op 'n sinvolle en betekenisvolle wyse hierdie fees wil vier. En daar is mense van ons eie volksgenote, mense wat ons eie taal praat wat 'n gelofte beskou as 'n soort van handelsooreenkoms: dat die een iets aanbied in ruil vir 'n prestasie van die ander party in daardie ooreenkoms. En wanneer albei partye dan daardie verpligting nagekom het, dan beskou hulle daardie saak as afgehandel. Daarom is daar dan mense wat dink dat hierdie feesvieringe van ons volk op 16 Desember eintlik niks anders, niks meer is as goeie vorm, as tradisie, as gewoonte van baie jare is nie. Eintlik het hy nie meer werklike betekenis en werklike krag nie. Dit is maar een dag in die jaar wat eintlik as 'n ekstra geskenk aan mense gegee word. En die mense wat daardie fees, daardie gelofte wat ons gedenk so verstaan, hulle kom ook dikwels nog na die feeste toe, hulle neem daaraan deel, maar hulle keer leeg daarvandaan terug na hulle huise toe. En omdat daar werklik baie mense is wat so nog deelneem aan ons feeste, is dit 'n baie belangrike vraag waarop ons vir ons 'n antwoord moet soek nl. die vraag: waarom vier ons hierdie fees? En as ons nou op daardie vraag wil antwoord, dan moet ons eintlik daardie gelofte wat ons gedenk in die lig van die Woord van God gaan toets en beoordeel, en van daaruit gaan vasstel of daardie gelofte 'n werklike lewende werklikheid is en moet wees, en of hy nog krag en binding het vir hierdie geslag van die 20ste eeu. En ons sê dat ons hierdie gelofte vanuit die Woord van God móét gaan toets, want vir die gelowige is daar geen ander weg, geen ander bron, geen ander maatstaf waaraan hy enigiets kan toets as enkel die Woord van God nie. En daar is ook nog 'n ander rede waarom ons hierdie gelofte aan die Skrif moet toets, omdat ons voorgeslagte wat daardie gelofte opgestel het en afgelê het, dit self nie anders gedoen het as vanuit die Bybel nie. Om dan te verstaan wat hulle in daardie gelofte wou sê, wat hulle by daardie gelofte wou verstaan, sal dit dan ook vir ons nodig wees om hom te gaan begryp vanuit die bron en die oorsprong waaruit hulle daardie gelofte opgestel het.

En nou het ons hierdie teks vir u hier voorgehou vanmôre, omdat ons in hierdie teks te doene het met die riglyn of die voorskrif vir 'n wettige gelofte, vir 'n gelofte wat beantwoord aan die eise wat God daaraan stel. Daarom wil ons graag ook die gelofte van ons vaders wat óns gelofte óók is, aan daardie rigsnoer gaan toets. En nou stel ons teksvers dat daar die moontlikheid is om 'n woord voor die aangesig van God uit te spreek. Dit is ook moontlik om beloftes teenoor mekaar te maak en om sulke beloftes teenoor mekaar uit te voer. Maar dit is anders wanneer 'n gelofte uitgespreek word teenoor God. Ons teksvers wil hierdie feit baie sterk onderstreep en beklemtoon. Daarom stel hy

duidelik en sê vir die mens, wat 'n woord voor God wil uitspreek, dat hy altyddeur moet onthou dat daar 'n geweldige afstand is tussen God en mens. God is in die Hemel en die mens op die aarde. God is die Majesteitlike, die Ewige, die Heerlike — die mense, die vergänklikes, die kleines, die hulpbehoewendes. Daardie afstand moet daar altyd wees. Vir elke mens wat 'n woord uitspreek voor die aangesig van God, of dit nou 'n gebed is of 'n geloofsbelydenis of 'n gelofte, dan moet dit 'n woord wees waarin die eer en die majesteit van die lewende God erken en bely en gehandhaaf word, waarin Hy geroem word as die enigste God. En omdat God die Majesteitlike is, die Ewige, en omdat eerbied pas voor Sy aangesig daarom pas ook nugterheid wanneer 'n mens voor God gaan staan en met God gaan praat, 'n nugterheid wat spreek uit min woorde. So sê die Prediker ook vir diegene wat voor die aangesig van God gaan staan, omdat God die alleen grote en heerlike God is. Daarom kan ons Sy troon nie bestorm met 'n stortvloed van woorde en 'n bombardement van leë frases nie, maar elke woord wat uitgespreek word voor Sy aangesig moet geweeg wees, hy moet gewig hê, hy moet 'n volle inhoud dra, sodat met 'n klein bietjie woorde alles duidelik gesê kan word.

En die derde riglyn wat hierdie teksvers neerlê vir 'n wettige gelofte is dat hy waarsku teen oorywerigheid en oormoed en voortvarendheid. 'n Mens kan nie maar sommer daar gaan sit en binne 'n japtrap vir hom daar 'n gelofte aanmekaarspyker en dit gaan aanbied as 'n gelofte voor die aangesig van die lewende God nie. Eers enkel en alleen wanneer hy daardie gelofte werklik so geweeg het as 'n woord wat aangebied moet word voor die heerlike God as 'n woord wat in so min as moontlik woorde alles moet sê wat gesê moet word, dan kan hy dit tog nie doen onryp en sonder voorafgaande beraad nie, sonder ernstige oorweging, ja sonder biddende opsien tot God nie. Hy mag nie haastig wees met sy mond, en sy hart moet nie gou 'n woord uitbring voor God nie. Dit moet weloorwoë wees, geweeg tot in die fynste besonderheid voordat daar gespreek word teenoor die lewende God.

En nou, broeders en susters, kyk nou na die gelofte van ons vaders. Dit jubel uit dat aan God, die Een wat die oorwinning gee, die eer toegebring sal word. Nie vir hulleself is daardie stryd, nie vir hulleself daardie gelofte nie, maar tot lofprysing van die Naam van die lewende God. Daarom spreek hulle in die uur van hulle nood 'n gelofte voor Sy aangesig.

En die tweede wat vir ons opvallend is van daardie gelofte is die kort, kragtige gestalte waarin hy verskyn. Ja, ons vaders het daardie nugtere eerbied vir die lewende God geken en gehandhaaf. Daarom het hulle met enkele woorde dinge gesê wat diep gegryp het in hulle eie hart en in hulle eie lewe en verder diep sou gryp in die hart en die lewe van hulle nageslag. Met min woorde het hulle voor die aangesig van God hulle nood uitgespreek, hulleself toegewy in oorgawe aan Sy diens, hulleself verbind tot die bewys van eer en dankbaarheid aan Hom, die enigste God van die mense. En hulle het dit nie gedoen voortvarend en sonder deeglike oorweging nie. Hulle het nie maar sommer op 'n oomblik daar gesit en 'n gelukkige inval gekry en toe daar 'n klomp woorde gaan sê nie. Nee, hulle het dit sorgvuldig oorweeg, ja, so sorgvuldig dat hulle selfs ooreengekom het dat as daar één man in die laer was wat daardie gelofte nie wil doen nie, dan sal

hulle die gelofte nalaat. En daarom het hulle dit oorweeg dag in en dag uit en toe hulle uiteindelik daardie gelofte doen, toe was dit met eensgesindheid, met volle oorgawe aan die beskikkingsreg van dié God in wie hulle geglo het. En daarom kan ons dan sê, as ons hierdie gelofte so toets aan hierdie riglyne, dat ons in daardie gelofte te doen het met 'n geldige gelofte wat beantwoord aan die eise wat die Woord van God stel vir 'n gelofte voor die aangesig van God; dat ons in daardie gelofte te doen het met 'n gelofte wat kragtig is, omdat hy kan hoop op die welbehae van God.

En, broeders en susters, as so 'n geldige gelofte afgelê is . . . hierdie teks waarsku, dan sê hy dat daar noukeurig geweeg moet word, dat daar fyn oorlê en beraadslaag moet word voordat so 'n gelofte gesluit en aangegaan word. Maar as hy eenmaal aangegaan is, as jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie. Dan het daardie gelofte bindende krag vir die toekoms. Dan lê hy op daardie geloftesgemeenskap, kan ons sê, 'n verantwoordelikheid, 'n roeping, 'n taak, nl. om daardie gelofte na te kom en uit te lewe elke dag van sy bestaan. En waar kom hierdie bindende krag van die gelofte nou eintlik vandaan? Waarom is dit so dat die Here God in Sy woord „gelofte" so omskrywe, dat daaruit vir ons duidelik gemaak word, dat hy onontwykbaar op die mense wat aan daardie gelofte gebind is, 'n verantwoordelikheid en 'n roeping en 'n taak lê?

Hierop gee die Bybel vir ons baie duidelik antwoord. Die Here God is die Verbondsgod. In Sy groot genade het Hy na die mense toe gekom, het Hy wat verlore was, sonder uitsig, sonder hoop, sonder raad, aangeneem as Sy Kinders, Homself aan hulle verbind as hulle God en as die Verbondsgod aan hulle Sy beloftes gegee. „Ek sal vir jou 'n God wees en vir jou nageslag na jou". Omdat God die Verbondsgod is wat met Sy verbondsbeloftes na die mense toe kom, wat Homself as die genadige Beskermer en Heer van die volk aan die volk verbind, daarom stel Hy dit so dat daardie volk op wie Hy Sy hand gelê het, na wie toe Hy Hom gekeer het, vir wie Hy geroep het, ja uit die duisternis tot Sy wonderbare lig, dat hulle na Hom toe mag terugkom en teenoor Sy belofte van troue sorg en liefde, 'n gelofte mag aflê van diens en eerbetoon vir Sy genade, vir Sy ontferming, vir Sy redding uit die nood. Omdat Hy met Sy beloftes gekom het na die mense toe, daarom kan Hy en wil Hy die mense laat kom met hulle geloftes na Hom toe. Ja, Hy het hulle belowe en hulle eintlik uitgenooi en vir hulle gesê: „In die nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom uitred, en hy moet My eer." Hy, die Verbondsgod wil hierdie lewende verkeer oopmaak tussen Hom en Sy volk. Daarom mag hulle kom op grond van Sy verbond, op grond van Sy beloftes hulleself plegtig aan Hom verbind vir Sy eer, tot Sy diens, ja, ook tot hulle welsyn! So is Hy hulle God, as die Verbondsgod, dat Hy selfs in die kleinste liggaamlike nood en in die diepste geestelike angs nie vér wil wees van Sy volk af nie maar naby, Sy hand aan hulle wil gee om hulle vas te hou in die struikeling, Sy krag onder hulle wil plaas om hulle staande te hou in die uur van beproewing en aanvegting. En omdat Hy die Verbondsgod is wat Hom na die mense toe gekeer het, daarom stel Hy dan riglyne, voorwaardes vir geloftes, want só leer die Bybel ons die geloftes verstaan, dat hulle niks anders is as die gelowige antwoord van die volk op die beloftes van God nie. Omdat Hy vir die volk gesê het: „Ek sal hom beskerm, Ek sal eer aan hom gee, Ek sal hom uitred, Ek sal hom bystaan," daar-

om kan die volk as gevare dreig na God toe kom en bid: Here red my! En daarom het hierdie gelofte so 'n bindende en 'n blywende betekenis omdat dit die antwoord mag wees op die bindende en blywende verbond van die ewige, die lewende God.

Broeders en susters, dat ons vadere die gelofte so verstaan het, word duidelik uit baie dinge. Ten eerste, aan die verbondsluiting was daar verbonde 'n dag. So lees ons dat toe die Here met Sy volk by die berg die verbond sluit, dat Hy aan hulle die sabbat gee as 'n teken van die verbond, as 'n dag waarop hulle dagtaak en hulle werk mag neerlê, waarop hulle God mag gedenk as die Gewer van die goeie, waarop hulle jubelend kan sing van Sy reddende dade vir Sy volk. Daardie dag as 'n teken van die verbond, daardie sabbatdag as die rusdag van die volk waar God aan hulle te kenne gee dat daar 'n dag kom wanneer daar nie meer gevaar sal wees nie, wanneer daar nie meer moeitevolle arbeid en verdriet in die wêreld sal bestaan nie, maar wanneer daar ewige vrede sal wees en God alles in almal.

En dan kom ons vaders met hulle gelofte en in antwoord op die verbond van die Verbondsgod, sê hulle: "Elke jaar sal ons hierdie dag, as God ons die oorwinning gee, vier as 'n gedenkdag, as 'n sabbat waarop ons as volk sal rus van ons moeite en sorge en kommer, en daaraan sal dink dat God ons verlos het."

Broeders en susters, daar is ook 'n tweede kenmerk aan 'n verbond. Dit is nl. dat daardie verbond nie gesluit word met losstaande enkelinge nie. God sluit Sy verbond met daardie volk. En nou is dit so, ons ken dit ook uit die geskiedenis van Israel, dat daar baie mense was in Israel wat nie geglo het nie, en tog was hulle die verbondsvolk van God aan wie Hy die verbond, die beloftes van die verbond, die rusdag van die verbond en al die vreugdes van die verbond geskenk het saam met sy kinders. Hy het nie daardie verbond gesluit met losstaande enkelinge nie. Daardie volk in sy eenheid, in sy saamverbondenheid, in sy saamwees eintlik, het hy ingesluit in die verbond met Homself, sodat die volk Israel bv. daarna bekend gestaan het as die huis van Israel, as die geestelike huis van Israel, en dat die verbondsvolk in die Nuwe Testament, bekend sou staan as die tempel van God waarin Hy woon deur Sy Gees. So het Hy Sy verbond gesluit dat daar 'n huis tot stand sou kom. En so het ons vaders in uitvoering van die gelofte en in antwoord op die verbond van die getroue Verbondsgod, het hulle daardie geloftekerk gebou in Pietermaritzburg en dit ook so verstaan dat die Boerevolk moet wees die huisgesin van God in hierdie land vir hierdie land.

Daar is 'n derde saak i.v.m. verbond wat ons vir u moet stel. En dit is dat daardie verbond wat God sluit betekenis het vir die komende geslagte. So lees ons as God Sy verbond met Abraham sluit, dan sê Hy vir Abraham: dit is 'n verbond tussen jou en jou kinders na jou in hulle geslagte tot 'n ewige verbond. Daarom kom ons vaders dan in antwoord op hierdie verbond wat hom uitstrek oor die komende geslagte van die huis van God en die kinders van God en dan antwoord hulle in die gelofte en dan sê hulle: Ja Here, ons sal vir ons kinders vertel die roemryke dade van die lewende God, sodat hulle saam met ons op hierdie dag as die huis van God die groot dade sal gedenk, in hierdie land u volk sal wees.

Broeder en suster, daar kry die gelofte sy bindende krag dat God daardie gelofte, dié van 1838, ja en ook dié van 1880, wat uitgespreek

is as antwoord op Sy troue verbond, vir ons in vervulling laat gaan het. Sestien Desember is die dag waarop die Here op wonderbaarlike wyse 'n klein handjievol burgers die mag gegee het oor hulle groot vyand. Sestien Desember is die dag waarop God gesê het: hierdie gelofte is volgens My Woord en My oordeel 'n geldige gelofte, en daarom sal Ek dit gestand doen. En omdat Sy verbond 'n ewige verbond is, het Hy ook daardie oorwinning gegee tot 'n ewige teken vir hierdie volk dat Hy onse God is, wíl wees en wíl bly.

Broeder en suster, hierdie gelofte spreek tot ons daarvan dat God ook die God is van die Afrikanernasie, al is daar so baie mense wat beweer dat ons sonder God in die wêreld alleen, verdruk, verstote, verlate is. Ons mag glo, maar dan het hierdie gelofte vir ons 'n geweldige betekenis, want kyk, so sê die Prediker: betaal wat jy belowe. Broeders en susters, ons is so bekommerd, ons is so bang dat dit tog in werklikheid só is, dat vir so baie van ons volksgenote hierdie fees van Sestien Desember nie meer 'n lewende werklikheid is nie, dat dit dooie gewoonte is waar ons maar saamkom, waar ons hier praat oor die roemryke dade van God waar ons hier daardie gelofte telkens saam met ons vadere nie net herhaal nie, maar ook doen om in hierdie land 'n huis te wees vir God; mense wat hierdie dag sal hou tot Sy eer; mense wat hulle nageslag wil bind aan Sy diens in hierdie wêreld. En ons is so bang dat ons hierdie beloftes aflê en huis toe gaan en dit vergeet en nie daardie gelofte nakom nie. Daarom wil ons by u pleit, vir u sê: daardie gelofte wat die vaders afgelê het, wat ons ook elke jaar opnuut onderskrywe wat 'n antwoord is van die Afrikanernasie op die verbond van die lewende God, kan alleen betekenis hê as ons 'n volk is wat self glo dat hierdie gelofte betekenis het met bindende krag vir ons en ons kinders in die toekoms, en as ons hier van ons feesplekke af weggaan en werklik 'n volk van die gelofte gaan wees moet ons bou aan die huisgesin van God, hier in hierdie land 'n huisgesin wat Sy Naam ken en dien en vrees en eer en sy kinders opvoed tot heil van die volk.

En nou lê dit op ons 'n bepaalde verantwoordelikheid. Dis nie net ons eie lewe waaraan ons moet werk en besig bly om hierdie dinge vorm en gestalte te gee nie. Hoeveel plekke in ons land is daar nie waar die mense nie feesvier vandag nie, waar hulle sê: ons voorvaders het nie daardie gelofte afgelê nie; ons was self nie daar by Bloedrivier gewees nie; vir ons het dit geen binding en geen krag nie. Hoeveel mense is daar nie wat verkeerdelik kyk na die geloftemakers en nie na die Verbondsgod wat geloftes moontlik maak nie. Hoeveel mense is daar nie wat buite staan by hierdie binding van die gelofte op die Afrikanernasie nie. Kan ons maar onverskillig staan teenoor daardie broers van ons en daardie susters van ons, daardie bloedverwante en stamgenote wat verkeerdelik dink dat die gelofte eintlik 'n soort van 'n ooreenkoms was tussen twee gelykwaardige partye en nou afgeloop is, of wat verkeerdelik dink dat die gelofte eintlik 'n saak is wat enkelinge raak, bloot die nageslag van daardie groepie mense wat dit afgelê het; wat nie verstaan dat die gelofte alleen maar afgelê is en afgelê kon word ter wille van hierdie volk, omdat God sy verbond met die volk sluit, nie met enkelinge nie; mense wat nooit hulle kinders vertel van die groot dade van God wat as bakens opgerig staan langs die pad wat ons gekom het tot hiertoe nie; mense wat nooit die knie buig om God as die troue Verbondsgod te dank

ook vir Sy reddende dade vir ons nie; mense wat nie meer glo dat in ons moderne nood en verskrikking hierdie gelofte ook nog deur God aanvaar kan word en uitgevoer kan word vir ons tot nuwe lewe nie; mense wat die bande van die volk wil vernietig en wil oplos in kosmopolitanisme en in 'n soort van mensgemaakte vertoning van welwillendheid, en vergeet dat dit nie aankom op die een wat wil, of die een wat loop nie, maar op God wat genadig is.

Broeders en susters, ek pleit by u dat ons nou, veral na die referendum, waar ons met soveel duidelike erns en in so 'n duidelike taal voor God en teenoor mekaar uitgeroep het: u God is my God, u volk is my volk, u lotgevalle my lotgevalle, as 'n volk, volk van God moet wees, die huis van God wat ons kinders in hierdie wêreld tot Sy diens en tot Sy eer opvoed en ons volksgenote wat langs ons woon en langs ons lewe saam wil trek om op hierdie dag te gedenk die grootheid va ndie lewende God.

En nou moet ek nog vir u twee kort illustrasies gee om vir u duidelik te maak wat dit beteken wanneer ons 'n gelofte wat God wel in vervulling laat gaan het, self nie hou nie, wat dan gebeur. Kyk, daar is die geskiedenis van Jefta. Jefta het in alle voortvarendheid 'n gelofte afgelê. Dit het sy kind getref, want sy kind was uiteindelik die offer wat gebring moes word vir sy voortvarendheid. En daar was Abraham. In alle oorwoëndheid en in geloof het hy, afgaande op die woord van die troue Verbondsgod Isak gaan offer en hom, so sê Hebreërs 11, uit die dood uit terugontvang. Wie die Verbondsgod op Sy woord neem, die gelofte hou, hy ontvang sy nageslag telkens terug uit die nood van hierdie aardse bestaan, uit die angs en die verskrikking van ons wêreld, as 'n gawe van God tot voortgang van die volk. Hy wat die gelofte nie gestand doen nie, omdat hy die Verbondsgod nie op Sy Woord neem nie, hy lê sy nageslag ten prooi en verag die toekoms van sy volk. Daarom, my broeder en suster, die gelofte is afgelê. God het dit gestand gedoen. U en ek is geroepe om daarvolgens te lewe. Dit is vir ons bindend. Daarom vier ons hierdie gelofte in die twintigste eeu met sy verligting. Al lyk dit so bekrompe en so eng, vier ons dit as 'n fees van die vryheid van die kinders van God.

Amen
J. I. de Wet

VERHOUDING VAN DIE GEMEENTE TOT HULLE PREDIKANT

A. B. Van N. Herbst

So dikwels hoor 'n mens gemeentelede of kerkraadslede of selfs predikante praat van „die predikant se salaris . . . ." of „lewenskostetoelae vir die predikant . . . ." of „bonus vir die predikant". Of daar word vrae gevra soos: „. . . wie betaal vir die myle as die predikant elke maand die sestig myl na Pretoria-toe ry na sy moeder in die oue-tehuis?" . . . . of . . . . „moet die gemeente die predikant se vakansie-ritte betaal?" . . . . „Wie betaal die lig- en waterrekening, die gemeente of die predikant?" . . . . „Wie betaal die telefoonkoste?"

Die soort uitlatings en vrae wys daarop dat lidmate, kerkraadslede en predikante vasgevang is met 'n begrip asof daar 'n werkgewer en werknemer-verhouding bestaan. Asof die gemeente 'n werkgewer is wat 'n predikant in diens geneem het en nou sekere diensvoorwaardes moet vasstel. En dan begin die broeders! „Ons predikant is so bedrewe en het so 'n besigheidskop, dat hy minstens 'n R1,000 meer werd is as 'n ander!" . . . . of . . . . „ons predikant is so passief, ... as hy nie uitspring nie sit hy een van die dae sonder salaris!"

By die aanhoor van hierdie dinge, kom daar onwillekeurig ook vrae by jou op. „As 'n predikant aktief is en sy dienswerk so verrig en die sake van die gemeente so lei dat daar ook 'n groter offervaardigheid by die lidmate ontstaan of in verband met die bates van die gemeente voorstelle doen wat groter materiële stabiliteit bring, het hy tog seker nie sy een oog op die Evangelie en die ander op 'n ‚bonus' of ‚verhoging' nie?" Ontdek ons dan nie o.a. met verbasing by die lees van die gelykenis van die verlore seun dat die oudste seun wat altyd voorgegee het dat hy met liefde sy vader onvoorwaardelik gedien het en nooit 'n gebod van hom oortree het nie, dat hy sy vader eintlik met 'n bybedoeling gedien het en eintlik sy oog op die ou vader se boedel gehad het. Die ander vraag kom by mens op: „Hang die offerbewustheid van 'n gemeente af van hoe aktief of passief 'n predikant kan organiseer?"

As ons met 'n gees van „werkgewer" en „werknemer", van eise en teen-eise wil werk is dit nie net in stryd met die hele begrip van die verspreiding van die Evangelie-boodskap nie, maar sal ons op snaakse plekke uitkom.

Die verhouding van gemeente tot predikant staan nie op die vlak van eise nie en die verhouding van predikant tot gemeente staan nie op die vlak van teen-eise nie, dit staan op 'n totaal ander vlak, **'n vreugdevlak van geregtigheid en vrede.**

Met die verhouding van gemeente tot predikant gaan dit nie om vergoeding aan 'n persoon vir dienste wat gelewer word nie, sodat die werk wat verrig is na waarde en gehalte gegradeer en geskat kan word nie. Dit gaan hier vir ons as gelowiges om 'n **behoefte,** 'n behoefte om die grootste en mees vreugdevolle Berig weer en weer te hoor en omdat die Berig soveel geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees vir ons openbaar wil ons dat ons kinders en ons naaste dit ook hoor en saam met ons gedurig ervaar. Met dié behoefte in ons hart sê ons as gemeente aan diegene wat as ampsdraers onder ons aangewys is (vir die Kerkraad) om dit so te reël dat daar iemand onder ons kan kom woon wat deur sy studie van Gods Woord en sy lewe deur ons Kerk bevoeg geag is om hierdie grootste Tyding van alle tydings onder ons gaande te hou, want dit is vir ons van alle lewensbelang dat dit nie vir ons kinders sal vervaag nie.

Op so 'n versoek kom die Kerkraad dan byeen en skryf hulle 'n brief aan so 'n persoon — 'n beroepsbrief aan 'n predikant — en hulle nooi hom uit om onder ons te kom woon en hulle spreek die vertroue uit dat hy „so spoedig moontlik na die gemeente sal oorkom om deur

leer en **voorbeeld, bestuur** en **opsig** alles te doen wat 'n herder en leraar ooreenkomstig die heilige Woord van God en volgens die verordeninge van die Ned. Hervormde Kerk betaam, in die besonder deur die verkondiging van die Evangelie, deur die bediening van die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal op tye wat deur die gemeente daarvoor vasgestel is, deur vertroosting van die siekes, deur die gemeentelede by hulle huise te besoek, deur onderwysing van die Bybelse en die Kerkgeskiedenis en die geloofsleer en sedeleer van die Christelike godsdiens in die kategisasie, wat gedurende die jaar weekliks gehou word. Die Kerkraad belowe van sy kant al die agting, liefde en medewerking wat aan die reggeaarde Evangeliedienaar toekom."

Dit kom dus daarop neer dat die Kerkraad die Evangeliedienaar vra om by die gemeente te kom woon sodat die gemeente die omskrewe Evangeliebediening kan ontvang en indien so 'n Evangeliedienaar, soos die Kerkraad hom versoek om te doen, naamlik „die beroep bereidvaardig aanvaar", weet hy dat die Kerkraad ook nog as volg aan hom geskryf het:

„Ten einde die Weleerwaarde heer, beroepe leraar na hierdie gemeente, sy gesin en afhanklikes van 'n **behoorlike lewenstog** te verseker, om hom in staat te stel om **al** sy **kragte** en **tyd** aan die diens van die Evangelie te wy, is aan hierdie predikantstandplaas verbonde .....", en dan noem die Kerkraad op welke wyse die gemeente die predikant van 'n **behoorlike** lewenstog sal voorsien. Daar is natuurlik 'n rede voor waarom die Kerkraad hom verseker dat **hy** en sy **gesin** en sy **afhanklikes** van 'n **behoorlike lewenstog** voorsien sal word en die rede is dat hy **al** sy **kragte** en **tyd** aan die diens van die Evangelie sal wy, want dit is wat die gemeente so graag wil hê.

Niemand sal seker nou meer kan redeneer dat die gemeente 'n predikant in diens geneem het en aan hom 'n salaris moet betaal nie. Dit is duidelik dat dit nie hier gaan om 'n salaris of vergoeding vir dienste wat hy gelewer het nie, maar om die feit dat hy en sy afhanklikes **totaal** deur die gemeente onderhou moet word. Die predikant is dus in die gees van die beroepsbrief, nie veronderstel om **tyd** en **kragte** oor te hê om ander bronne van inkomste te eksploiteer nie.

Dit behoort ook nou duidelik te wees waarom daar nie van 'n predikant se **salaris** gepraat word nie, maar van sy traktement.

Daar kan moontlik twee hoofredes wees waarom daar skewe verhoudings tussen 'n gemeente en 'n predikant ontstaan. Die een is wanneer die wanbegrip „werkgewer" en „werknemer" by die betrokkenes bestaan en die ander is wanneer die betrokkenes van die een of ander kant hulle plig versuim. Die een wy nie **al** sy **kragte** en **tyd** aan die diens van die Evangelie nie of die ander versuim die **behoorlike lewenstog**-belofte.

Omdat ons nou gekom het op die punt waar die verhouding prakties toegepas word, is dit miskien goed om daaroor nader te besin.

By die vasstelling van traktement moet daar duidelik getrag word om 'n „behoorlike lewenstog" vir die predikant daar te stel. Die **behoeftes** van hom en sy gesin moet bepaal word (nie 'n vergoeding of salaris nie).

Dit is van besondere belang dat daar by die vorming van nuwe gemeentes toegesien moet word dat so 'n te stigte gemeente aan die toekomstige predikant 'n behoorlike lewenstog kan voorsien.

Die Kerk en veral Kerkrade moet verantwoordelik handel by die vassteling van 'n „behoorlike lewenstog", enersyds om seker te maak dat hulle in hulle oordeel oor wat die behoeftes van 'n predikant is, hulle nie sodanige behoeftes oorskat nie en aldus die kas van offergawes oorbelas nie. Aan die ander kant moet hulle so oordeel dat dit nie straks neerkom daarop dat die predikant die gemeente subsidieer

nie. Dit kan dikwels ten koste van sy gesin se daaglikse brood en lewensbestaan geskied en die doel, naamlik die bevordering van die Evangelie moet as gevolg van dié kommer wat dit meebring, daaronder ly.

Gebaseer op dieselfde beginsel moet daar ook voorsiening gemaak word, sodat die predikant hom nie oor sy ou dag sal kwel nie en dan op een of ander wyse daarvoor voorsiening probeer maak. Vandaar die pensioenskema van die Kerk.

Die kontant wat betrokke is by die „behoorlike lewenstog" is maar 'n onderdeel van die behoeftes van 'n predikant en sy gesin. Daarom sorg die Kerkraad vir 'n behoorlike pastorie en ook vir vry water en lig, telefoonkoste, e.d.m. Daar word egter dikwels uit die oog verloor dat 'n predikant, om sy werk waartoe ons hom uitgenooi het verantwoordelik te kan doen, gedurig studieboeke moet aankoop. Ook is die pastorie 'n plek wat druk besoek word. Dit is natuurlik altyd 'n besondere teken van die mooi verhouding tussen gemeente en predikant; maar ons moet by die vasstelling van die behoeftes rekening hou dat daar uitgawes mee gemoeid is. Skrywer hiervan het by 'n ondersoek bevind dat 'n groot aantal predikante vry dienste van geneeshere ontvang, maar meesal self vir die medisyne moet betaal. Aangesien dit van geval tot geval wissel, sal gemeentes elke geval op meriete moet beoordeel.

Prinsipieel moet daar begryp word dat hy vir sy **hele lewensbestaan** van die gemeente afhanklik is en beskik hy oor geen ander geld as dit wat hy van die gemeente ontvang nie. As iemand dus beweer dat die predikant dit of dat self moet betaal, kom die vraag dadelik op — „waar moet hy die geld kry om dit of dat self te betaal?" Die antwoord is duidelik — „van die gemeente", waar anders, want prinsipieel behoort alle koste vir die **behoorlike lewenstog** van die predikant en sy afhanklikes aangegaan te word sonder dat die predikant daarmee gemoeid is, sonder dat hy noodwendig kontant hoef te hanteer. Ter wille van die privaatheid waarop elke persoon en sy gesin seker geregtig is en ter wille van die goeie menslike verhoudings ontvang hy 'n kontant toelaag wat ons in die wandeling „traktement" noem, waarmee sekere privaat huishoudelike uitgawes soos voedsel, kleding, meubels ens. bekostig moet word. Daarbenewens sorg die gemeente vir 'n **behoorlike woning; water en lig; telefoon** (nie net alleen om gemeentelike oproepe uit te voer nie, maar ook privaat); **boeke vir studie; onderwys, opvoeding vir sy kinders; mediese en tandheelkundige dienste; vervoerkoste** (hier is reiskoste, om die gemeentelike werk te doen nie ter sake nie, want die reiskoste in verband met die gemeentelike werk is 'n direkte koste van die gemeente, net soos byvoorbeeld die rente op die kerkgebou nie 'n item is waarmee die predikant gemoeid is nie).

JEUGMISDAAD

Die doel van hierdie skrywe is nie om vir die soveelste keer weer die jeug van ons volk in 'n swak lig te stel nie. Dit is vir sommige opvoedkundiges e.a. deesdae 'n heimlike genot om tydig en ontydig die soeklig op ons jeug te laat val en aan die staat, die kerk, die ouers, en ander instansies die swakste beeld van ons jeug voor te hou. So hier en daar tree die een en ander vir ons jeug in die bresse, maar dit is gemeenplaas vandag, dat as ons aan ons jeug dink ons hulle assosieer met iets afstootliks, iets benede die gehalte van ons jeug in die goeie ou dae.

Waaroor word daar van so veel gekla? Laat ons die misdaad van ons jeug, en die is daar sonder enige twyfel, t.o.v. die volgende nader beskou.

Die aard van die jeugmisdaad: Dit is misdaad wat deur ons tienderjariges gepleeg word en wat in die jare van hul jeug reeds op die pad na volwassenheid die kluts kwyt raak en struikel op veelvuldige terreine van die lewe. Misdaad deur die jeug is hoofsaaklik van tweërlei aard nl. misdaad wat strafbaar is deur die wet en misdaad wat die grense van ons sosiale norme wat deur die eeue van beskawing as vereiste van wellewendheid ontwikkel het, oorskry. Tot eersgenoemde behoort veral, diefstal, inbraak, motordiefstal, geweldpleging teen persone, eiendomsbeskadiging, geslagsoortredings. Tot laasgenoemde behoort in hoofsaak onbeheerbaarheid, stokkiesdraai, weglopery, drankmisbruik, vuil taal, doellose losbandigheid.

Al die hierbo genoemde misdrywe waarin die jeugmisdadiger hom/haar laat geld is by die meeste van ons bekend. Ons lees dit daagliks in die openbare pers, waar dit soms in die gees van 'n helde- of avontuurdaad geïmpliseer word. Maar in die meeste gevalle vervul dit mense wat hul nog aan die goeie lewensnorme wil hou met afsku en kommer as hul dink aan die invloed wat hierdie reklame moontlik op hul tot dusver onskuldige spruite mag hê.

Die omvang van jeugmisdaad: Die prentjie van jeugmisdaad soos deur statistieke geopenbaar is seer sekerlik nie 'n aanskoulike nie. Sedert 1949 het jeugmisdaad in die ouderdomsgroep 7-16 jaar van 13,226 veroordelings, waarvan 773 blankes was tot 25,123 waarvan 1,143 blankes was in 1962 toegeneem.

'n Onrusbarende toename van bykans 100 persent. Met 'n benaderde volksaanwas van 2½ persent is die toename buite verhouding hoog (statistieke van S.A. Polisie).

Die algemene oorsake van jeugmisdaad val hoofsaaklik in twee kategorieë, nl. oorerwing en die invloed van die omgewing. Hoewel oorerwing oënskynlik 'n belangrike rol in die voorkoms van misdaad speel is dit ook bekend dat eerbare mense van gedragsafwykende ouers gebore word; derhalwe word hierdie aspek van jeugmisdaad nie verder bedink nie, maar sal daar meer toegespits word op die omgewingsfaktore wat jeugmisdaad in die hand werk, en wat kortliks onder die volgende hoofde toegelig word.

1. **Huislike omstandighede:** Die huis is die eerste plek waar die suigeling sy verskyning maak. Hier ontvang hy/sy die eerste liefde, versorging, vertroeteling, en beskerming. Hier leer hy sy taal van moedersknie, hier ontvang hy die eerste lesse in wellewendheid en hier behoort hy die eerste rigsnoere te ontvang om te onderskei tussen

reg en verkeerd, goed en kwaad. Ook hier maak hy kennis met menseverhoudinge en word hy die beginsels van wet en orde, orde en reël geleer. Die vraag ontstaan nou hoe, met watter gesindheid, sorg en dissipline, word al bogenoemde beginsels wat die aangebore sondigheid van die mens moet sublimeer tot deug aan die verstand van die kind gebring? Is die samestelling van die huis in sy etiese en materiële verband sodanig dat die huislike invloed op die kind slegs ten goede gedy? Laat ons die soeklig op 'n paar van die leemtes in ons huisgesinne val.

(a) **Die welstandspeil van die huisgesin:** Ongelukkig moet gemeld word dat die algemene morele lewensnorme uit huise verdwyn waar daar 'n behoefte aan die nodige lewensmiddele bestaan. Dit is dan ook gevind dat hierdie gebrek aan lewensmiddele die verwaarlosings van lewensnorme meebring, losbandigheid tree in en uiteindelik begeef die kinders hul op die pad van diefstal en inbraak om die nodige te bekom.

(b) **Oorbewoonde huise**: Hierdie toestand wat in 'n ernstige graad in ons land bestaan dryf die kinders buite op straat, waar hulle doelloos rondslenter, uit onder die beskerming van die ouers met die gevolg dat, om die doelloosheid in doelgerigtheid te omskep, misdade gepleeg word.

(c) Kinders van rondtrekkende huisgesinne is uit die aard van die omstandighede losbandig, rondloperig, ongedissiplineerd en verval dikwels in misdaad soos inbraak, stokkiesdraai, ens.

(d) **Werkende moeders.** In hierdie huisgesinne word die nie-skoolgaande kinders aan die sorg van bediendes oorgelaat en naskoolse kinders aan hulle self oorgelaat na skool. Orde en reël is hier afwesig en ongedissiplineerdheid dryf die kinders op straat waar die misdaad hulle heimlik bekruip.

(e) **Drankmisbruik.** Huise waar drank misbruik word, word gekenmerk deur bandeloosheid, liefdeloosheid, rusies en so meer. Kan daar verwag word dat die kinders dan anders sal optree?

(f) **Uithuisigheid.** In baie huise word een of albei die ouers deur hul sogenaamde sosiale verpligtings saans uit die huis gedwing met die gevolg dat die kinders weer aan hulle self oorgelaat word.

(g) **Egskeidings.** Egskeidings het deesdae die eerste middel of metode geword om probleme tussen man en vrou op te los. Oor die ontwrigting wat dit in die kindersiel veroorsaak hoef hier nie uitgewy te word nie. Weer eens word die kinders beroof van die liefde, versorging en leiding wat in hul uiteindelike beskerming so nodig is.

(h) **Die huislike atmosfeer.** Die hierbo genoemde leemtes in die huisgesin versteur onteenseglik die huislike atmosfeer, maar laat ons die huislike atmosfeer in sy positiewe verband enigsins toelig. Gelukkig is daardie kinders wie se ouers waarlik geluk, tevredenheid, veiligheid, gebalanseerdheid, eerlikheid, verantwoordelikheid, pligsgetrouheid en liefde in die huis indra in so 'n mate dat die kind hom onafskeidbaar van die huis voel, voel dat hy in liefde en veiligheid geanker is, en altyd, wanneer hy uit die huis is, hom sal laat lei deur die vaste koers, orde, reël en dissipline van die ouerhuis waar hy geleer het dat orde en reël alle las ligter maak en dat sy grootste vryheid en vreugde in liefde en gebondenheid aan die wet gevind word.

Hoe bereik ons dan die toestand waar ons kinders sonder die swaard of die gereg uit eie vrye wil so eerbaar sal handel? So 'n vaste karakter

en onkreukbare lewenswyse koop 'n mens nie in die winkel nie. Die met moeisame volharding in die klein dingetjies van die lewe wat die karakter van die kind stadig en stelselmatig vorm totdat hy die neigings van misdaad in die lewe sal kan trotseer en selfs uitdaag. Maar dan moet ons as ouers die hand in eie boesem steek en onsself afvra of die plig wat op ons skouers teenoor ons kinders rus wel bedagsaam en met volhardende liefde nagekom word. Is ons gesteld op wellewendheid in die huis; die goeiemore, goeienag, dankie, asseblief, skoon hande aan tafel, netjiese slaapkamers, higiëniese versorging van die liggaam, redelike tafelmaniere? Laat ons toe dat ons kinders ander mense, onder wie ook hul onderwysers en predikant openlik in teenwoordigheid van pa en ma kritiseer en selfs beskinder, of is ons daarop ingestel dat kinders hul nie vry mag uitlaat teenoor grootmense nie? Is ons werklik bekommerd met wie ons kinders maats maak? Is ons bekommerd oor waar en wanneer ons kinders beweeg of laat ons maar toe dat Jan of Sannie in st. IX sê, ek gaan vanmiddag bioskoop toe, ek gaan die naweek vir my maat kuier, ek het die en daardie vanaand oorgevra? Of staan ons daarop dat die maats en beweging van ons kinders ons goedkeuring moet wegdra? Is ons ja nog ja en ons nee nog nee, of laat ons toe dat ons kind na 'n opdrag sal sê: „Ek sal dit later doen, ek is nou met iets anders besig?" Bedink ons met erns dat ons kinders behoefte aan materiële dinge en geestelike dinge het? Probeer ons dit in ons kinders ontdek, bespreek ons hulle behoeftes met hulle, of het ons nie tyd nie, en laat hul die oplossings op 'n heel verkeerde wyse by verkeerde maats kry? Is daardie ou goeie gewoonte van huisgodsdiens waar die huisgesin om die tafel met bande van liefde, soos ontgin uit die woord van God, gebind word tot 'n eenheid waarin die onderlinge afhanklikheid en gebondenheid van die huisgenote aan mekaar, 'n hegte familieband vorm of het die tyd meegebring dat elkeen sy stukkie kos sluk, van die tafel opstaan en sy gang weer voortsit op eie ingewings? Vind ons nog so nou en dan tyd om as 'n huisgesin saam in die sitkamer net te ontspan, en oor niks anders te gesels as oor die lede van die huis, hul doen en late nie? So 'n gesellige familie-uurtjie, waar almal deel in elkeen se vreugde, prestasie, maar ook in elkeen se teleurstelling, se waarde kan deur geen geld bepaal word nie. Dis hier waar die huisgenote aan mekaar gebind word, hier waar die lewensideale, lewensbeskouing gemeenskaplik van aard word en waar die hunkering na die straat, die bioskoop, slegte maats doellose rondslentery en uithuisigheid uit die gemoed van die kind geweer word.

Heel aan die begin het ek die stelling gemaak dat ek nie van plan is om weer veroordelend oor ons jeug te skryf nie. Ek wil nie daarmee impliseer dat daar niks verkeerd met die gedrag van ons jeug is nie, trouens daar is ernstige bedenkinge oor hul doen en late. Maar as ons aanvaar, en ons het geen keuse nie, dat ons as ouers verantwoordelik is vir ons kinders, dan moet die veelvuldige gedragsafwykinge van die jeug aan ons as ouers gewyt word, want dis per slot van rekening ons wat ons kinders dan so opgevoed het.

Ek sou graag wou uitwei oor die bekamping van jeugmisdaad en daarby ons kerk en skole wou bybring, maar die artikel is reeds te lank. Ten slotte wil ek hierdie stelling maak: Dit is hoog tyd dat ons, ons verwyte oor die misdaad van ons jeug projekteer op die ouers en hulle hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik hou. Dit het tyd geword

dat ons ouers hulself sal afvra, wat behoort ek my kind toe te laat en wat behoort ek hom te belet. Dis 'n jammerlike neiging by so baie van ons ouers om die opvoeding van die kind op die skouers van die kerk, skool en staat te laai. Dit het ook miskien tyd geword om ons ouers tot besinning te bring en hulle verantwoordelik te maak vir die misdaad van hul kinders. Dit sal hul dwing om 'n kentering in hul eie lewensbeskouing te bring, om eie losbandigheid te verander in orde en reël, eie onverantwoordelikheid te omskep in verantwoordelikheid en ouerlike pligsbesef.

M. C. MYBURGH.

Krugersdorp.

M. J. S. NIEMANN & H. M. KOEKEMOER

Mattheus Johannes Stephanus Niemann is op 1 Augustus 1881 gebore te Potchefstroom. Op 3 Oktober 1903 is hy getroud met Heila Magdalena Koekemoer. Uit hierdie huwelik is 5 kinders gebore. Oom Faan is in 1907 gekies as diaken in die gemeente Roossenekal. Na 5 jaar is hy as ouderling gekies tot met sy vertrek na Hendrina: d.w.s. vir ses jaar. Te Hendrina is hy na drie maande weer as ouderling gekies. Vir elf jaar het hy hier gedien tot met sy vertrek na Middelburg, waar hy spoedig weer tot ouderling gekies is en diensdoende gebly het tot met sy verhuising na Roossenekal na die dood van sy eggenote op 12 Augustus 1964. En op 83-jarige leeftyd is hy in Roossenekal weer tot ouderling gekies.

Oom Faan was een van die pioniers van Mapogseland en het as een van die eerste bewoners van hierdie gebied, baie bygedra om die koorswêreld mak te maak. Ook aan die Anglo-Boereoorlog het hy deelgeneem, is een keer gevang maar het ontsnap en het op 17 Junie 1902 met die aflegging van wapens, sy geweer eers stukkend geslaan. (Dit het gebeur te Munniksfontein.) Hy onthou nog toe „in 1924 die trein na onse wêreld gekom het" en hoe dat die lewensomstandighede van die mense toe verander het.

Tant Heila is op 8 Junie 1885 te Roossenekal gebore en op Middelburg oorlede op 12 Augustus.

DIE ONTVOLKING VAN DIE PLATTELAND

Hierdie stelling is 'n feit. Dit is 'n Suid-Afrikaanse verskynsel. Dit is 'n wêreldverskynsel. So word dit vandag aanvaar en baie vind daar niks mee verkeerd nie. Ander voel nie te gelukkig daaroor nie soos blyk uit toesprake by geleentheid. Oor die radio en in die pers word dit genoem en selfs ons, die leke, merk dit op en voel bekommerd daaroor.

Hierdie is nie nog 'n wetenskaplike benadering van die saak nie. Daarvan het ons reeds heelwat, met syfers en al, wat die ware toestand aandui. Hierdie is slegs die gedagtes van 'n leek wat opmerk wat aangaan en baie ongelukkig voel daaroor.

Ontvolking van die platteland in ons land en oral in die wêreld word gewyt aan nywerheidsontwikkeling en daarom word dit gesien as 'n natuurlike verskynsel en so aanvaar. Hieruit blyk dit dus dat dit beïnvloeding van buite is wat ontvolking in die hand werk. Die besonder vinnige ontwikkeling op nywerheidsgebied in ons land, in die afgelope tyd, het die ontvolking versnel. In besonder het dit die jong manne en vroue weggelok. Die platteland word hoofsaaklik bewoon deur middeljarige en ou mense. 'n Seun volg die vader nie meer op nie. By die afsterwe van die houer van die eiendom of by sy uittrede weëns hoë ouderdom word die eiendom verkoop.

Wie koop dit?

In die afgelope paar jaar het hier in ons land dinge gebeur wat die ontvolking seker uit verhouding laat toeneem het. 'n Baie strawwe droogte wat dele van ons land al 'n hele paar jaar teister het in die afgelope jaar landswye afmeting aangeneem. Nou het ons land gedurende hierdie tyd op nywerheidsgebied en andersins 'n ongekende voorspoed belewe wat tot 'n groot mate die skok kan absorbeer. Vir baie beproefde plattelanders was daar tydelik 'n heenkome elders. Maar nou kom die vraag of dit by tydelik gaan bly. Gaan daardie mense weer terug plaas toe? Kán hulle weer teruggaan? Daar sal 'n persentasie wees wat moed verloor het en nie weer terug wil gaan nie. Ek hou my egter oortuig daarvan dat die grootste persentasie wil teruggaan, maar kan hulle? Kan hulle, hulle finansiële verpligtings nakom en nog voortgaan? Hierdie mense doen meestal ongeskoolde of half-geskoolde werk. Hulle bly aan die lewe maar kan nie finansieel herstel om terug te gaan nie. Die eiendomme kom gevolglik ook in die mark. Weer kom die vraag: wie koop dit?

Dit is die huidige prentjie onder huidige moeilike omstandighede vanweë 'n baie strawwe droogte.

Ek wil my egter ook waag aan die ander sake wat minder in die ooglopend is. Dit het oor die jare ontwikkel en sal skynbaar nog so aangaan.

Die eerste is eiendomme wat onekonomiese eenhede is. Met enige terugslag, en insonder tydens natuurrampe soos nou, is die houer van so 'n eiendom hopeloos kwesbaar.

Hier teenoor het ons die grondbaronne. Onder hierdie soort grondbesitters kry ons boere, nyweraars, professionele mense en ander kapitaal-kragtige individue of groepe. Nou wil ek dit net duidelik stel dat ek geen aksie het teen hierdie mense nie. Onder ons kapitalistiese stelsel besit hulle dit wettiglik en met reg. Maar hier het u nou ook die antwoord op die twee keer wat ek gevra het: Wie koop dit?

Byna uitsluitlik is hulle die kopers want hulle kan en die ander nie Ek herhaal: hulle koop dit wettiglik en pleeg geen oortreding nie. Dit is seker ook korrek vanuit 'n besigheidsoogpunt gesien. Dit het te doen met vraag en aanbod. Die vraag is egter net dit: Is dit gesond? Is dit 'n gesonde toestand in ons land?

Een van die eerste vereistes vir die onafhanklike Republiek van Suid-Afrika is dat hy sy bevolking ten alle tye self moet voed.

Met die hoë mate van meganisasie op landbou gebied het ons beslis vandag baie minder mense nodig om ons bodem deeglik te bewerk en die maksimum aan voedsel daaruit te kry. 'n Klein klompie kapitaalkragtige individue of groepe kan ons hele bodem besit en voldoen aan die vereistes. Die nywerhede en ander instansies kan dan die res absorbeer en ons het geen immigrante nodig nie. Ons het geen gesukkel meer met boere op onekonomiese eenhede wat ondergaan en geen ander boere wat wel ekonomiese eenhede besit maar periodiek tydens natuurrampe ook nie kapitaal-kragtig genoeg is nie en moeilik voortgaan of selfs ook ondergaan nie.

Waarom dan praat ek van die groot grondbesitters? Ons stelling nl. die ontvolking van die platteland is nie korrek nie. Dit moet wees „Blanke ontvolking van die platteland." Daarnaas moet ons stel „Verswarting van die platteland." Dit is die swart man wat daardie groot plase bewoon en bewerk want hy lewer sogenoemd die goedkoopste arbeid. Dit is my kommer en dit het ek teen groot grondbesit.

In andet lande, oftewel in ander eenrassige lande, mag die ontvolking van die platteland nie so 'n ernstige verskynsel wees nie maar in ons land is dit 'n tragedie. Hier beteken dit verswarting. Dit is een van ons fronte wat ons sonder slag of stoot afstaan.

Dit is reeds tragies dat ons tot so 'n groot mate afhanklik is van die arbeid van die swart man op ander gebiede. Ons stuur egter op die grootste tragedie af as ons van hom afhanklik gaan word, meer nog as vandag reeds, om ons te voed. En dit is maar een van die gevare.

Ek dink in alle lande is 'n gebalanseerde bewoning van die grondgebied 'n gesonde en wenslike toestand. In ons land is dit 'n gebiedende noodsaaklikheid vanweë sy bevolking-samestelling.

Volgens die behoefte van ons land word beplan en gesorg vir 'n polisiemag, 'n weermag, 'n staatsdiens, 'n onderwyserskorps en so meer. Dit word gedoen vir sy selfstandige voortbestaan.

Die boerdery, dit wil sê die voorsiening van voedsel, is maar een van die doeleindes van die blanke bewoning van die platteland. As dit die enigste was kon 'n klompie grondbaronne dit maar doen. Maar dit is veel meer. Dit is die blanke manne en vroue wat die blanke gebied van Suid-Afrika in blanke besit en bewaring moet hou. Dit is 'n front wat deur ons beste kragte beset en verdedig moet word teen alles wat dit mag bedreig van natuurrampe tot verowering.

Die geestesrykdomme wat vir ons weggebêre lê in die natuur op ons plase en in die boerdery, moet deur die maksimum hoeveelheid mense benut word wat dit op hulle beurt weer deur wisselwerking sal oordra op die familielid, vriend of medemens in die stad.

Laat ons hierdie rykdomme en waardes nie onderskat nie. Die stedeling wat moeg is van die gejaag van die stad het nie genoeg aan 'n vakansie aan die strand of ander vakansieoord nie. Dit is nog maar net 'n klein verbetering.

Met 'n maksimum blanke bewoning van die platteland sal 'n maksi-

mum aantal familielede, vriende en kennisse uit die stad nog op die plaas kom besoek aflê. Wederzydse kennismaking van stad en platteland sal begrip van mekaar se probleme in die hand werk en so sal die balans bewaar bly.

Die platteland is nie die „backveld" nie en die stad is nie Sodom en Gomorra nie. Laat die twee groepe hulle afhanklikheid van mekaar begryp op materiële sowel as kulturele en geestelike gebied. Die mannekrag op al ons fronte moet op volle sterkte wees.

Doen weg met onekonomiese eenhede. Dit dien geen doel. Laat vaar die groot grondbesit. Dit is skadelik vir ons volksbestaan. Hierdie regstelling moet geskied deur voorligting, opvoeding en, waar nodig, besliste optrede. Dit mag nou klink na 'n vreemde en afwykende gedragslyn in 'n demokratiese land. Dit sal jammer wees as ek verkeerd verstaan word, want ek wil geen stelsel bepleit wat skadelik sal wees vir ons vryheid nie. Maar ons moet waak dat ons veelgeroemde vryheid van doen en late nie skadeliker sal wees nie as 'n skynbaar afwykende optrede onder spesiale omstandighede of in sekere rigtings.

Nou is dit bekend dat Suid-Afrika vanweë sy aardrykskundige ligging en natuurkundige samestelling, nie 'n paradys is vir die boerdery nie, soos dikwels in die verlede en op die hede weer bewys is. Daarom te meer bied dit aan ons 'n uitdaging. Maar die uitdaging is nie gerig aan die boer alleen nie. Dit is 'n uitdaging aan die hele volk wat uit sy bodem gevoed moet word.

Laat alle stedelinge dan besef dat die melk nie van die „dairy", die vleis nie van die slaghuis en die groente en vrugte nie van die mark of vanaf die kafeetjie om die hoek kom nie. Dit kom van die plase af.

Soos dan die bemanning van die ander fronte die verantwoordelikheid is van die hele volk, is die blanke bemanning van hierdie front, die platteland, en in besonder sy instandhouding in krisistye, die verantwoordelikheid van die hele volk.

Laat die erwe van ons vaders vir ons kinders erwe bly.

M. M. J. BASSON.

Zeerust.

DANIEL PIETER JACOBUS DE WAAL

Oom Danie de Waal is gebore op 30 Augustus 1881 in die distrik Pretoria. As 'n jong penkop is hy saam met die Pretoria kommando van Kommandant Uys na Natal gestuur in 1889 gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Hy het aan die volgende veldslae deelgeneem: Dundee, Ladysmith, Spioenkop en Colenso. Op 16 September 1901 word hy egter krygsgevangene geneem en weggestuur na Brits Oos-Indië.

Oom Danie vertel met smaak hoe hulle te Shahjahampur deur ds. A. P. Burger van Middelburg, Transvaal gekatkiseer is. Môre, middag en aand moes hulle studeer en so deeglik het Oom Danie dit gedoen dat hy jare later vir 'n vriend die hele Kort Begrip met vraag en antwoord uit sy geheue kon neerskryf sonder 'n enkele fout!

In Januarie 1903 het Oom Danie weer in sy vaderland aangeland en in 1906 op 18 Desember is hy in die huwelik bevestig met Maria Magdalena Johanna Grobler. Uit die huwelik is vyf kinders gebore waarvan vier nog lewe.

In 1929 word Oom Danie gekies as ouderling van die gemeente

Volksrust waar hy dien tot in 1940 toe hy vir militêre diens opgeroep is maar in 1944 by sy terugkeer word hy weer herkies. Met die afstigting van die gemeente Newcastle is hy een van die stigterslede en word onmiddellik as ouderling vir die nuwe gemeente gekies waar hy nog steeds dien. Behalwe vir die vier jaar militêrediens dien Oom Danie onafgebroke as ouderling en het reeds 32 jaar as ouderling agter die rug.

'n Ander onderskeiding wat hom te beurt geval het, is dat hy in al sy ampsjare nog steeds katkiseermeester was. Dit het hy altyd met die grootste ywer en trou gedoen en daarin geslaag om sy liefde vir die Kerk en sy grondige kennis van die Skrif aan sy leerlinge oor te dra. In die jare van worsteling toe Newcastle gemeente nog geen kerkgebou van hulle eie gehad het nie was Oom Danie se huis die vergaderplek van die katkisante en het dit gebly tot vandag toe. Die ywerige tant Malie het hom deur al die jare met liefde bygestaan en haar gasvryheid het gemaak dat hulle huis tot vandag toe graag deur jonk en oud besoek word.

Die bygaande foto is onlangs van oom Danie en tant Malie geneem toe oom Danie alreeds 84 jaar was. Tot nog toe het tant Malie self die huishouding behartig en selfs kans gesien om loseerders te versorg maar nou begin haar kragte afneem en het hulle besluit om op die plaas van een van hulle kinders te gaan woon. Die gemeente wens hulle die seën van die Here toe op hulle verdere lewenspad.

ENIGE INTERESSANTE GEGEWENS IN VERBAND MET TESTAMENTE EN HUWELIKE

A. **Testamente:**

Hoe dikwels gebeur dit nie elke dag nie dat die Prokureur aan die bedroefde agterblywende eggenote moet vra „Het u oorlede man 'n testament nagelaat?" Net so dikwels is die droewige antwoord „Nee meneer, ons het dikwels daaroor gepraat, maar nooit sover gekom om 'n testament te maak nie."

Of dit nou nalatigheid is of onkunde is nie van belang nie. Die feit bly dat ons mense nie besef hoe belangrik dit is om vroegtydig 'n testament te maak en dit op so 'n plek te bêre waar dit maklik gevind kan word deur die agterblywendes nie. Deur 'n eenvoudige testament te maak kan u vir u dierbares oneindig baie kommer en ongerief bespaar dié dag wanneer u nie meer daar is om hulle by te staan nie.

Om geldig te wees moet 'n testament voldoen aan sekere vereistes wat vandag deur wetgewing gereël word. Dit is nie moontlik en ook nie die bedoeling om in hierdie artikel 'n breedvoerige uiteensetting van die vereistes te gee nie, maar dit word vertrou dat die paar belangrike aspekte wat beklemtoon word vir ons lesers van waarde mag wees.

(a) **Hoekom is dit belangrik om 'n testament te hê?**

Hierdie vraag word die maklikste beantwoord deur te verduidelik wat met 'n boedel gebeur wanneer 'n mens nie 'n testament nalaat nie. In so 'n geval word die boedel beredder volgens bepaalde wetsvoorskrifte. In die praktyk kom dit gewoonlik daarop neer dat die langslewende eggenoot of eggenote saam met die kinders in gelyke dele erf. Ten opsigte van die erfporsie van die minderjarige kind moet die langslewende nou sekuriteit verskaf ter bevrediging van die Weesheer. Dit is juis hier, naamlik die verskaffing van voldoende sekuriteit waar gewoonlik probleme ondervind word. In ieder geval is dit so onbillik dat die langslewende wat nou alleen verantwoordelik is vir die versorging, opvoeding en onderwys van die kinders, die gerief en gebruik van die bates in die boedel ontneem word. Hierdie ontbering kan uitgeskakel word deur 'n eenvoudige gesamentlike testament waarin byvoorbeeld bepaal word dat die langslewende die enigste erfgenaam sal wees.

Elke mens kan natuurlik oor sy goed beskik soos hy wil maar vir die redes hierbo aangehaal is die mees praktiese en vry algemene gebruik deesdae dat man en vrou mekaar vertrou met die boedel en verdere onderhoud en opvoeding van hulle kinders en mekaar dan wedersyds in hulle gesamentlike testament as eksekuteur en erfgenaam benoem.

(b) **Wie moet 'n testament maak?**

Alhoewel 'n man uit die aard van die saak en vanweë die feit dat hy normaalweg meeste van die besigheid behartig, nie so swaar getref word as 'n vrou wat betref die afhandeling van boedelsake nie, is dit tog uit praktiese oorweging net so belangrik dat die vrou 'n testament moet hê. Baie mense verkeer egter onder die verkeerde indruk dat 'n vrou wat binne gemeenskap van goedere getroud is nie 'n testament kan of hoef te maak nie. Soos reeds gesê staan dit enige persoon vry om sy eie testament te maak en na eie goeddunke oor sy of haar goedere te beskik. Elke mens kan ook net soveel testamente maak as hy wil maar slegs die een wat hy laaste gemaak het sal, mits dit verder aan die wetsvoorskrifte voldoen, geld. Dit kan egter met groot vrymoedigheid en oortuiging aanbeveel word dat man en vrou, indien enigsins moontlik, **een** gesamentlike testament maak.

Van die allergrootste belang is dat beide man en vrou moet weet presies waar om die Testament, Versekeringspolisse, kontrakte, Transport Aktes, ens. te vind op dié dag wanneer dit benodig word. Miskien moet ons maar leer om soos Oupa en Ouma 'n spesiale Testamentkissie

aan te hou waarin al hierdie belangrike dokumente veilig bewaar kan word.

(c) **Wat moet 'n Testament bevat?**

Wat die inhoud van 'n Testament aanbetref is daar veral drie belangrike dinge wat in gedagte gehou moet word, naamlik:—

(i) Dat alle vorige Testamente herroep word.

(ii) Dat iemand (gewoonlik man en vrou wedersyds) as Eksekuteur of Eksekutrise benoem word.

(iii) Dat duidelik bepaal word wie die erfgenaam of erfgename sal wees.

Daar is verskeie ander bepalings wat dikwels in Testamente voorkom byvoorbeeld dat 'n bedrag geld aan die Kerk of aan een of ander liefdadigheidsinrigting bemaak word. Verder kry mens die gevalle waar die man byvoorbeeld sy kinders as erfgename benoem maar aan sy eggenote lewenslange gebruik en/of vruggebruik van die goedere gee. Wanneer u enigiets in dié verband in gedagte het kan u gerus maar u Prokureur of iemand anders vra om die Testament vir u op te stel omdat 'n verkeerde of swak bewoording van sulke klousules maklik die Testament of bepaalde gedeeltes daarvan onverstaanbaar of dubbelsinnig en selfs ongeldig kan maak.

Wat formaliteite betref is dit belangrik om te weet dat 'n Testament op elke bladsy deur die Testateur in teenwoordigheid van twee bevoegde getuies geteken moet word en dat die datum van ondertekening duidelik op die Testament verskyn. 'n Persoon wat enige voordeel uit die Testament trek soos byvoorbeeld 'n erfgenaam is nie bevoeg om as getuie te teken nie. Indien hy wel as getuie teken verbeur hy sy erfenis.

B. **Huwelike:**

Huwelik is 'n kontrak tussen 'n man en 'n vrou. Dit verskil enigermate van 'n gewone kontrak in dié opsig dat hoewel dit tot stand kom deur die instemming van die partye en daaropvolgende formaliteite, dit nie soos ander kontrakte weer met die instemming van die partye beëindig kan word nie.

In ons hedendaagse Suid-Afrikaanse regstelsel kan persone getroud wees binne of buite gemeenskap van goedere.

Om buite gemeenskap van goedere te trou is dit nodig dat voordat die „kontrak" van die huwelik gesluit word, daar tussen die partye 'n Voorhuwelikskontrak of ook genoem Huweliksvoorwaarde Kontrak aangegaan en Notarieel verly word. Sonder om enigsins te probeer om die voor en nadele van 'n huwelik binne of buite gemeenskap van goedere te bespreek, word hier slegs enkele van die gevolge van die huwelik aangestip.

'n Huwelik binne gemeenskap van goedere hou onder andere in dat beide partye se bates en laste nou een gemeenskaplike besit word. Die man aanvaar mede verantwoordelikheid vir die vrou se skulde en andersom, ook dié aangegaan voor die huwelik. So-ook vorm enige wins of verlies wat gedurende die huwelik gemaak word deel van die gemeenskap van goedere en enige erflating wat aan een van die partye toekom, val ook in die gemeenskapsboedel. 'n Vrou, getroud binne gemeenskap van goedere is nie regshandelings bevoeg nie, dit wil sê, sy het die bystand en toestemming van haar man nodig voordat enige regshandeling wat sy verrig regsgeldig en afdwingbaar sal wees. Dit behoort nou duidelik te wees dat alleen wat die stoflike betref daar oor die algemeen vir sowel die man as die vrou sekere nadele aan 'n huwelik binne gemeenskap van goedere kleef.

Hierdie nadele kan slegs uitgeskakel word deur 'n Huweliksvoorwaarde Kontrak wat 'n duidelike en besliste skeiding maak tussen die bates en laste van die man en vrou. In so 'n kontrak word nie alleen die gemeenskap van goedere nie, maar ook gemeenskap van wins of

verlies, skulde, erflating en gewoonlik ook die maritale mag van die man uitgesluit , dit wil sê die vrou behou haar handelingsbevoegdheid.

Dit is my oorwoë mening dat 'n huwelik buite gemeenskap van goedere alleen voordele inhou terwyl soos reeds daarop gewys, daar sekere nadele verbonde is aan 'n huwelik binne gemeenskap van goedere. As mens egter reeds getroud is het dit nie veel sin in om jou verder daaroor te bekommer hoe jy getroud is nie, aangesien niemand daar iets aan kan verander solank jy getroud is nie.

Dit word vertrou dat die voorgaande gegewens vir die leser indien nou nie van nut nie, dan tog wel interessant en insiggewend sal wees.

T. P. Coetzee.

OUDERLING PETRUS JOHANNES VAN STADEN



Op Saterdag, 31 Oktober 1964 het Ouderling Petrus Johannes van Staden tydens die Kerkraadsvergadering van die Gemeente Pietersburg versoek dat hy van sy pligte as Ouderling onthef moet word op grond van gevordere leeftyd en 'n geleidelike afname in sy lewenskragte en is daarmee nog 'n skakel met die verlede van hierdie gemeente verbreek.

Ouderling van Staden of Oom Piet, alom bemind en bekend was 'n kleurryke figuur in die gemeente waar hy onafgebroke vir een-en-vyftig jaar as Kerkraad gedien het.

Gebore op 3 September 1888 in die distrik Waterberg as die oudste van vyf broers en een suster het hy reeds op sewejarige ouderdom saam met sy ouers na Pietersburg verhuis waar sy vader hom gevestig het op die plaas Thorndale in die Haenertsburg omgewing. As 12 jarige knaap is hy saam met sy vader op Kommando maar met die stryd steeds feller is die jong burger later terug na sy ouerhuis en beland daarna in die konsentrasiekampe eerstens te Pietersburg, later

Pinetown en toe te Colenso tesame met sy moeder en jonger broers en suster.

Na be-eindiging van die Tweede Vreiheidsoorlog keer hy terug na die familieplaas en op 24 Junie 1913 tree hy in die huwelik met Hester Louisa Johanna Buitendag van die destyds distrik Veekraal. Uit dié huwelik is nege kinders gebore.

Pas na sy huwelik en reeds op 25 jarige ouderdom word hy verkies as diaken vir die Wolkbergwyk, toentertyd 'n ylbewoonde, moeilik begaanbare en uitgestrekte wyk. Huisbesoek moes te perd en muilkar geskied en het dikwels myle te voet geverg. Om deur die hele wyk te kom het tot vyf dae uit en tuis beteken.

Met sy kenmerkende humorsin vertel oom Piet van staaltjies uit sy jongere dae. Hy herinner hom nog as kind hoe die berugte kafferkaptein Magoeba uit sy ruwe bergvesting gedryf en uiteindelik gevange geneem is en by sy ouerhuis verby gejaag is. Helsebos was die naam wat die Boere destyds aan die ruwe, onbegaanbare maar vandag die skilderagtige Magoebaskloof gegee het. Een blik na die digbegroeide hange waar die natuurlike bos nog nie geswig het voor die beskawing nie en jy kan jou beswaarlik 'n meer pasliker beskrywing as Helsebos voorstel.

Op Haenertsburg was Oom Piet onder andere Voorsitter van die Geloftefeeskomitee, lid en later ook Voorsitter van die Skoolkomitee.

Nog later het hy na die plaas Matiebaskraal verhuis en in 1957 hom op Pietersburg gevestig.

Vir meer as 'n halwe eeu het Ouderling Piet van Staden die lief en leed van sy Gemeente gedeel. Getrou aan sy sy het Tant Hester gestaan. Mag die voorbeeld wat hy gestel het, dien as spoorslag vir die jongere geslag. Hy sal altyd onthou word vir daardie mooi humorsin en kenmerkende opgeruimdheid selfs onder die moeilikste omstandighede.

Ons gun hom die rus. Mag die seën van die Here nog lank op hom en sy familie rus en mag hy daardie geluk van 'n vol lewe in diens van sy God en medemens ondervind.

Dirk Uys
Scriba.

ERNEST OLFERMAN COLLINS

Stigter van Nylstroom

In die jaar waarin die stigting van die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Waterberg 'n honderd jaar gelede in herinnering geroep word by wyse van 'n gemeentelike feesviering en die verskyning van 'n brosjure deur prof. A. Pont, is dit gepas om enkele grepe te gee uit die familie-agtergrond en lewe van Ernest Olferman Collins, die skenker van die Kerkplein en pastorie-erwe aan die Ned. Herv. Gemeente van Waterberg in 1865 en die stigter van Nylstroom 'n jaar daarna. Skrywer van hierdie aantekeninge hoop om oor 'n jaar of twee 'n geskrif te publiseer waarin uitvoeriger aandag gegee sal word aan die lewe en werk van Collins sowel as die stigting en geskiedenis van Nylstroom.

Ernest Olferman Collins is op 5 Mei 1821 te Eastbourne, Sussex, in die suide van England, gebore. Hy is ook daar deur dr. Brodie gedoop. Van watter kerkgenootskap hy 'n dooplidmaat was, is op hierdie stadium onbekend aan my maar in 'n verklaring wat hy teen die einde van die 1950-er jare op Rustenburg afgelê het, het hy gesê dat hy 'n lidmaat van die Baptiste Kerk was.

Sy vader, Harry G. Collins was van Skotse en sy moeder, Georgina Foster, van Ierse afkoms.

Harry G. Collins het op verskillende plekke in Engeland en Skotland as hoof van die plaaslike kuswag diens gedoen. Een van sy belangrike take was om alle vorms van smokkelhandel teen te gaan. Uit die huwelik van Harry Collins en Georgina Foster is drie seuns en vier dogters gebore. Die name van die dogters was Margaret, Thomasin, Decima en Elizabeth. Uit die bewaargeblewe briewe wat uit Engeland aan E. O. Collins in Suid-Afrika deur sy familie geskrywe is, kan afgelei word dat die gesin kerkvas en aan mekaar geheg was en tot die middelklas behoort het.

Die drie seuns was — net soos in die geval van hulle vader en ander familielede — almal aan een of ander seebedrywigheid verbonde. Henry het in Mei 1845 met die skip „Erebus" o.l.v. sir John Franklin op 'n Noordpoolekspedisie vertrek maar hy het nooit huistoe teruggekeer nie aangesien die skip met sy hele bemanning vermoedelik vergaan het. William was ook 'n matroos en na omswerwinge rondom die aardbol het hy hom na sy huwelik in Amerika, aanvanklik in Philadelphia, gevestig.

Ernest Olferman het ook 'n seeloopbaan gekies, Oor sy jeugjare en vroegste volwasse tydperk is daar egter feitlik niks bekend nie. Sy suster Elizabeth is op 28 Junie 1840 gebore en uit 'n brief wat sy moeder in 1846 aan hom in Suid-Afrika geskrywe het, blyk dit dat hy tot op daardie stadium nog nooit vir Elizabeth gesien het nie. Daaruit kan afgelei word dat hy alreeds voor haar geboorte in Junie 1840, van sy ouerhuis af weg moes gewees het. Wanneer presies hy sy tuisdorp vaarwel gesê het, kan op hierdie stadium nie met sekerheid gesê word nie, vermoedelik teen die einde van die dertiger of aan die begin van die veertiger jare, in elk geval voordat hy 19 jaar oud was.

Volgens 'n familie-oorlewering het hy voor sy vestiging in Suid-Afrika as kaptein van 'n skip aan die destydse verbode slawehandel aan die Ooskus van Afrika deelgeneem. Dit moes vroeg in die veertiger jare gewees het en met dié gevaarlike maar nietemin winsgewende en awontuurlike bedrywigheid het hy voortgegaan totdat hy deur 'n Engelse „slave squadron" wat destyds die seë gepatroleer het, gedwing is om sy skip prys te gee en die slawehandel te staak. Dit was onder daardie omstandighede dat hy en sommige van sy bemanningslede hulle in die Oostelike Kaapprovinsie gaan vestig het. Onder hulle weet ons van James Gibson, „first mate" op Collins se skip en die Franse

skeepstimmerman, Abraham Absalom de Villiers wat uit Bordeaux in Frankryk afkomstig was. Kleinkinders van De Villiers woon op Rustenburg en ander plekke in Transvaal en van hulle dien alreeds vir baie jare op die Kerkraad van die Ned. Herv. Gemeente.

Collins en sy bemanningslede het hulle in ongeveer 1845 aan die Kaap gevestig. Op watter wyse hulle aanvanklik 'n lewensbestaan gemaak het, is nie met sekerheid bekend nie. Op een stadium het Collins transportwerk vir die Britse leer aan die Oosgrens onderneem en in die tweede helfte van die veertigerjare het hy hom in die omgewing van Grahamstad en Fort Beaufort as rondreisende handelaar gevestig. Terwyl hy transportwerk vir die leer gedoen het, het hy in die Kafferoorloë op die Oosgrens betrokke geraak en as gevolg daarvan het hy ook baie skade gely.

In 1845 het hy op Grahamstad in die huwelik getree met Emma Eastland wat sewe jaar na die aankoms van die 1820-Setlaars hier aan die Kaap gebore is. Een van haar broers, Thomas Henry, het vroeg in die 1860-er jare een van die eerste lidmate van die Gereformeerde Gemeente van Waterberg geword en voor sy dood in 1870 op Nylstroom was hy onder andere vir 'n tydlank Assistent-Veldkornet vir Nylstroom. Hy lê begrawe in 'n graf langs die van sy swaer. 'n Suster, Mary Jane Collen, is in 1864, terwyl sy op pad na die Kaap was, in Zeerust oorlede en lê op die plaas „Kameeldoorn" begrawe.

Die Collins-gesin het in die tweede helfte van die veertiger jare op Fort Beaufort en ook op 'n plaas, „Endwell Farm", in die distrik gewoon. Hulle enigste dogter, Georgina Sarah, is op 23 Julie 1846 op Fort Beaufort gebore en deur die Wesleyaanse predikant, Wm. Impey, gedoop.

In 1850 of die jaar daarna het die gesin na die Oranje-Rivier Soewereiniteit verhuis en in daardie tyd was Collins vir 'n tydlank as handelaar in die omgewing van die pasgestigte Harrismith gevestig. In 1851 het die gesin en ander lede van die geselskap in die rigting van Transvaal getrek en op pad daarheen is Collins se enigste seun, Harry Olferman, op 13 September 1851 op die plaas „Welgelegen", naby Kroonstad, gebore.

In 1852 het die gesin Rustenburg bereik en vir die volgende sewe of agt jaar was Collins se handels- en jagbedrywighede toegespits op die gebied tussen Pretoria en Zeerust, met Rustenburg as woonplek, ofskoon hy ook handelskontakte met Kuruman onderhou en in geselskap van bekende Wes-Transvalers soos komdt. Jan Viljoen aan jag- en handelstogte tot bo in die teenswoordige Rhodesië deelgeneem het. Vir 'n tydlank het Collins op die plaas „Kameeldoorn", naby Zeerust, en op „Vergenoeg" van komdt. Jan Viljoen, gewoon.

Die plaas „Zandfontein" wat aan die noordwestekant van die Rustenburgse dorpsgrond geleë is en waarop die teenswoordige Bantoelokasie tot stand gekom het, het in die 1850-er jare aan hom behoort en is deur die gesin bewoon terwyl hy ook erwe op die dorp besit en 'n winkel gehad het.

In 1860 het Collins hom in die Pretoria-distrik as rondreisende handelaar gevestig en in November 1860 'n lisensie vir 'n winkelbesigheid in Waterberg gekry. In 1862 het hy die plaas „Rietvallei" Nr. 34 gekoop en in 1866 ook die aangrensende „Elandspoort" Nr. 14.

Collins se winkel en woonhuis het op „Rietvallei" naby die drif deur die Nylrivier, die sg. „Kerkdrif", gestaan en in 1865 het hy in die nabyheid van sy aanleg 'n stuk grond twee honderd tree in die vierkant afgebaken en aan die Ned. Herv. Gemeente van Waterberg vir 'n Kerkplein en pastorie-erwe geskenk. Dit was in werklikheid die aanvangspunt van die dorpsuitleg wat in 1866 tot stand gekom het. Die Kerkplein van die Ned. Herv. Gemeente van Waterberg is dus ouer as

E. O. Collins.

die dorpsuitleg. Eers nadat die Kerkplein ontstaan het, is die dorp Nylstroom deur Collins gestig. Die noordelike gedeelte van die teenswoordige Nylstroom het in die loop van hierdie eeu op 'n gedeelte van die aangrensende „Elandspoort" Nr. 14 ontstaan.

Collins is op 16 Oktober 1868 in die ouderdom van 47 jaar in sy ruim platdakhuis op Elandspoort oorlede en lê in die Nylstroomse Kerkhof begrawe.

Op 8 Januarie 1869 het ds. N. J. van Warmelo, Voorsitter van die Kerkraad, die volgende brief aan mev. Emma Collins geskrywe: „Uit naam van den kerkeraad der Nederduitsch-Hervormde Gemeente van Waterberg heb ik een treurigen pligt te vervullen, om u van wege de vergadering hare deelneming te getuigen in het verlies, door U geleden by den dood van uwe echtgenoot. De heer Collins werd herdacht als een man, die door zyne vele goede hoedanigheden en zyne gastvryheid zich vele vrienden had verworven, terwyl de kerkeraad niet gemakkelyk zal vergeten, alles wat hy voor de gemeente van Waterberg heeft gedaan. Ook wordt u dank gezegd voor de hartelyke wyze waarop gy uw huis hebt beschikbaar gesteld voor de tegenwoordige kerkplaats . ." Uit die brief blyk ook dat Collins lid van die boukommissie vir die kerkgebou was.

Sy grafmonument wat oorspronklik deur John Harley van Potchefstroom opgerig is, is in Februarie 1958 op aandrang van mnr. en mev. Collins van Groblersdal deur die Nylstroomse Munisipaliteit herstel „as erkenning van die goedgunstige skenking van die Munisipale gronde deur die oorledene in 1865."

Sy weduwee het in 1873 met C. G. Bodenstein in die Ned. Herv. Kerk op Rustenburg in die huwelik getree. Die egpaar het hulle op Rustenburg gaan vestig waar Bodenstein in die tagtiger jare vir 'n tydlank landdros was. Mev. Emma Bodenstein is in die negentiger jare op „Boschfontein" 193 enkele myle suid van Rustenburg oorlede en lê begrawe in die Rex-kerkhof op dieselfde plaas. Ook Harry Olferman Collins en haar dogter en skoonseun lê daar begrawe.

Die dogter van Collins het op 17 Desember 1864 in die Ned. Herv. Kerk op Rustenburg in die huwelik getree met oud veldkornet George Wellington Rex en uit die huwelik is nege seuns en vier dogters gebore, tans almal oorlede. Harry Olferman is ook in die Ned. Herv. Kerk op Rustenburg in die huwelik bevestig met Magdalena E. van Staden, 'n dogter van oudlanddros P. J. van Staden. Verskeie seuns en dogters is uit die huwelik gebore, van wie twee seuns, Ernest Olferman, van die plaas „Snymansdrift", distr. Brits, en Harry van Meyerton en drie dogters, mevv. Miller van Brakpan, Swart van Homelake, Randfontein en Strauss van Germiston, tans nog in die lewe is. Agterkleinkinders van die stigter van Nylstroom wat die naam Collins dra, dien as kerkraadslede in die Hervormde Gemeentes van Brits, Meyerton en Randpoort. 'n Agteragterkleinseun van E. O. Collins wat na hom vernoem is, Ernest Rex, is op die oomblik 'n teologiese student van die N.G. Kerk.

H. M. REX.
Pretoria.

I. S. VAN DER LINDE

Izak Stephanus van der Linde is op 29 Maart 1896 te Potchefstroom gebore. In 1913 vertrek hy na Johannesburg om 'n betrekking in die Suid-Afrikaanse Spoorweë te aanvaar.

Op 16 Oktober 1918 word hy in die huwelik bevestig met mej. Elizabeth Jacobs Christina van der Merwe van Malmesbury.

In Januarie 1919 word „Oom Sakkie", want so was hy alom bekend, deur wyle Ds. L. E. Brandt as diaken bevestig. Van toe af het hy en Tante Baby 'n lewende belangstelling in die Sondagskoolarbeid getoon. Geen wonder, met die koms van wyle Dr. H. C. M. Fourie word Oom Sakkie aangestel as Superintendent van Sondagskole. Die Sondagskole was wyd verspreid oor die gemeente. Hy moes die verskillende Sondagskole per trapfiets besoek.

In 1926 word die eerste Sondagskoolkongres in Johannesburg gehou. 'n Foto van die kongresgangers is in ons Kerkargief te sien.

In 1928 het wyle Ds. C. W. du Toit vir twee maande by Oom Sakie en Tante Baby ingewoon. Oom Sakkie was toe koster.

Na elf jaar diens as diaken word hy in 1930 deur wyle Ds. J. J. Prinsloo bevestig as ouderling.

In 1932 word die Dorkas alhier gestig met mev. Ds. Prinsloo as voorsitter en Tante Baby as Sekretaresse/Tesouriere.

Die geweldige uitbreiding van die gemeente maak die behoefte aan 'n kerkgebou noodsaaklik. Oom Sakkie word op die Boukommissie gekies. Voordat die kerkgebou voltooi was, het hulle begin Pastorie bou.

Onder toesig van Tante Baby word ide eerste Bybelkenniseksamen in 1936 afgelê.

In 1950 word die laaste gemeente nl. Melville van die Moedergemeente afgestig.

Die egpaar van der Linde ressorteer nou onder die gemeente Johannesburg-Wes. Hy dien nog as ouderling, dien op die Finansiële- en Boukommissies. Albei van hulle is ook behulpsaam met die Sondagskool.

Oom Sakkie het vir 38 jaar ondergrondse werk verrig in een van die Rand se Goudmyne. Hy het nou uitgetree, maar die gevaarlike en gevreesde ondergrondse stof het sy letsels nagelaat op sy gestel. Die kerkraad het hom tot rustende ouderling gestel, maar hy is nog baie aktief en kom sy verpligtinge ten volle na.

Bykans onafgebroke dien Oom Sakkie in die Kerkraad vanaf 1919 tot 1965. Ses-en-veertig jaar is 'n lang tydperk. In vergange se jare was daar nie gepraat van gemeentes nie, maar van „Wyke". So bv. vind ons die wyke van Turffontein, Rosettenville, Bezuidenhoutsvallei, Johannesburg-Noord, Newlands en Fonteineblou.

In 1929 is die eerste gemeentes afgestig tw. Newlands, Kensington en Turffontein.

Oom Sakkie was verskillende kere afgevaardig na Ringsvergaderings en die Algemene Kerkvergaderings. Hy beskik oor 'n wye kennis van kerklike aangeleenthede. Ons bede is dat Oom Sakkie en Tante Baby nog vele jare gespaar mag bly tot heil van die Nederduitsch Hervormde Kerk en tot uitbreiding van die Koninkryk van die Heer.

J. L. P. Wolmarans.

J. A. VENTER & S. J. F. VENTER (GEBORE JOUBERT)

Op 7 Junie 1965 is oud-ouderling Jan Adriaan Venter ontslape in die geseënde ouderdom van 83 jaar. Hy was nog die laaste oorlewende skakel van die ses kerkraadslede wat gekies is toe die gemeente Potgietersrust gestig is in 1921.

Hy is gebore op Twyfelspoort, destyds in die distrik Rustenburg, op 22 Maart 1882, en is in 1903 getroud met Susara J. F. Joubert. Sy het hom deur die dood ontval in 1963 na 'n egverbintenis van sestig jaar. Hulle was lidmate van die gemeente Zeerust totdat hulle aan die begin van 1916 na Potgietersrust verhuis het, veral terwille van die hoër onderwys van hulle kinders.

Na 'n kort verblyf in die nuwe omgewing word hy gekies as ouderling van Potgietersrust, toe 'n wyk van die gemeente Pietersburg. Die bywoning van erediense, nagmaalsvieringe, kerkraadsvergaderinge het dus heelwat probleme opgelewer. Toe die gemeente op Potgietersrust gestig is, word hy lid van die eerste kerkraad. Altesaam was hy 24 jaar in kerklike diens, was hy dikwels op vergaderinge van die Ring en ook 'n paar keer op die Algemene kerkvergadering. In die gemeente het hy gedien op die Boukommissie wat die eerste kerkgebou opgerig het en vier jaar lank was hy kassier van die gemeente.

Die begeerte om in kerklike diens te staan, was van jongsaf by hom aanwesig. Die begeerte om te gaan studeer is egter verydel toe die Driejarige Oorlog uitgebreek het. Op die plaas naby Zeerust waar hy eers gewoon het, het hy tog die voorreg gehad om die klompie gesinne elke Sondag voor te gaan in 'n gesamentlike erediens. Ook in Potgietersrust was dit sy taak om met afwisseling Sondae in die kerkgebou die eredienste te help lei as daar nie 'n predikant is nie. Hy het ook talle begrafnisse gelei en veral tydens die griepepidemie van 1918 was daar tot twee per dag.

As burger van die land was hy lojaal en getrou tot die dood. In

die Driejarige Oorlog het hy as seun van 17 jaar begin diens doen in die Marico Kommando onder Kommandant Van Tonder. Hy is nooit gevang nie en het in 1902 geweier om wapen af te lê. Hy het sy geweer oor 'n miershoop gaan stukkend slaan.

Ons wil graag die nagedagtenis in ere hou van 'n man en vrou wat saam en afsonderlik diep spore getrap het in ons gemeentelike lewe en 'n pragtige voorbeeld van troue arbeid en toewyding gestel het.

G. C. COETZEE.

Potgietersrust, 1965.

WYLE BR. A. B. TERBLANCHE EN EGGENOTE

Andries Bernardus Terblanché (gebore op die 18de Julie 1879 en oorlede op die 4de Junie 1965, het hom gedurende sy leeftyd van byna 86 jaar met onderskeiding diensbaar gemaak aan sy kerk en sy volk. As jongman het hy stryd gevoer vir land en volk met die Engelse oorlog en daarna weer met die rebellie, toe hy die ekspedisie na Suid-Wes meegemaak het. Dit het hy gedoen omdat hy sy land en volk liefgehad het.

Vir 28 jaar van sy ryk en vol lewe het hy ook sy kerk as ouderling gedien — aanvanklik in die gemeente van Wolmaransstad en sedert die stigting van die gemeente Ottosdal in lg. gemeente. Dit is veral in hierdie gemeente waar hy sonder inagneming van eie persoon gewaardeerde diens gelewer het. Immers hy was een van diegene wat hom in die besonder beywer het vir die stigting van die gemeente. Danksy sy ywer het die gemeente alhier in 1938 tot stand gekom. En nou vandag, na soveel jare, is ons hom en sy medestanders baie dank verskuldig, want anders sou die kerk nog meer skade gely het aan lidmate wat oorgegaan het na ander kerke. Wyle Br. Terblanché het goed en reg gedink toe hy hom begin beywer het vir die stigting van die gemeente alhier. Daarmee was sy taak egter nog nie afgedaan nie, want daar moes van die grond af gebou word. Met geloof en hoop en liefde het hy hom hieraan gewy, totdat die gemeente heeltemal selfstandig was. Dit het hy gedoen omdat hy sy kerk liefgehad het.

Maar ten grondslag van alles wat hy as mens gedoen het — vir land en volk, vir omgewing en kerk — het daar gelê: sy liefde vir sy

Heer. Met groot dankbaarheid en erkentlikheid aan die Hemelse Vader word daar teruggedink aan alles wat hy gedoen het, saam met sy troue, nog lewende eggenote, Sophia Maria, gebore Gericke. Aan haar, wat nou in Boksburg woonagtig is, bid ons toe: krag en sterkte. Mag die Here met haar wees.

Die gemeente en omgewing van Ottosdal eer die nagedagtenis van hierdie ouer garde, dienaars van die Here en die Kerk.

C. J. S. VAN NIEKERK.

Ottosdal.

WYLE DIAKEN FREDERICK JOHANNES PHILLIPPUS VAN DER WATT

In 1921 is hy tot diaken verkies, 'n amp wat hy onafgebroke tot en met sy afsterwe op 15 Junie 1965, d.w.s. vir 44 jaar beklee het. Gedurende die tydperk 1942 tot 1964, het hy ook as koster van die gemeente Noordelike Pretoria gedien. Vir ongeveer 40 jaar het hy een betrekking by die Stadsraad van Pretoria, afdeling Parke, beklee, en na sy aftrede het hy vir nog 14 jaar op die personeel van die Tegniese Kollege belas met tuinery, gedien.

Wyle diaken van der Watt (beter bekend as oom Frikkie) is op 1 Maart 1890 op Wepener gebore en het later na Pretoria verhuis.

Sy vrou het hom op 23 September 1963 ontval. Hyself het nie 'n lang siekbed gehad nie, slegs 14 dae en hy is op Brits, aan huis van sy kleindogter oorlede. Onder blyke van groot belangstelling is hy op 17 Junie 1965 van uit die kerk deur Ds. D. B. Snyman in die begraafplaas, Rebekkastraat ter ruste gelê.

Hy wou nooit die amp van ouderlingskap oorweeg nie, want soos hy dit self gestel het, wou hy nie sy dienstermyn onderbreek nie. Dit was 'n voorreg om saam met hom te kon dien en sy nagedagtenis sal vir ons wat hom geken het, steeds tot 'n inspirasie dien.

Oom Frikkie is 'n man wat deur kerkraad en gemeente altyd in gedagtenis gehou sal word.

J. J. van Staden—Skriba

HAUM BOEKHANDEL

Generaal Pretorius-gebou - Posbus 460 - Tel. 22014
Paul Krugerstraat 484 - PRETORIA 22007

RISSIKSTRAAT 4
TEL. 41857
PRETORIA

HAUM

LYNNWOODWEG 275
TEL. 744476
PRETORIA

CULTURA BOEKHANDEL

KERKSTRAAT 419 :: TEL. 36224 :: PRETORIA

BOEKE

. . . Afrikaans - Nederlands - Engels

KERKLIK

Ned. Hervormde Kerk - N.H.S.V. - Sondagskole

SKRYFBEHOEFTES

Notuleboeke - Skryfbenodigdhede - Skole - Universiteit

KANTOORBENODIGDHEDE

Optelmasjiene - Tikmasjiene - Rekenmasjiene - Staal Kantoormeubels

ONDERSTEUN U EIE BOEKHANDEL
ONS BEVREDIG DIE KIESKEURIGES
KATALOGUS OP AANVRAAG

DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

Ds. A. J. Nolte (voorsitter), ds. S. P. Viljoen (vise-voorsitter), ds. P. M. Smith (skriba), ds. J. P. Oberholzer (vise-skriba),, ds. J. G. M. Dreyer, dr. P. W. Venter.

Ouderlingslede: Oudle. P. S. Dreyer, B. J. Engelbrecht, D. P. J. van Schalkwyk, P. J. Basson, H. A. Smit, P. W. van Staden, R. J. van den Bergh, J. C. Oelofse, P. Repko.

Skriba: Ds. P. M. Smith, Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Posbus 2368, Pretoria. Telefoon 3-5201.

Raad van Finansies:

Ds. Abr. Ras (voorsitter), ds. C. S. van H. Steenekamp (vise-voorsitter), ds. W. F. H. Huyzers, ds. G. P. J. Grobler, ds. A. J. Nolte, ds. P. M. Smith, ds. H. J. Geyser, mnr. P. A. Bentum, mnr. B. Pickardt.

Skriba: Die Administrateur: Mnr. A. B. van N. Herbst, Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Posbus 2368, Pretoria. Telefoon 35201.

Kuratorium:

Dr. L. M. le Roux (voorsitter), ds. A. J. G. Oosthuizen, ds. G. J. J. Roos, ds. C. J. Mans, dr. P. J. T. Koekemoer, dr. J. L. van Staden, prof. dr. A. P. Grove.

Skriba: Die Administrateur.

Pensioenraad:

Ds. G. P. J. Grobler (voorsitter), ds. Abr. Ras, ds. W. M. Wolmarans, ds. C. J. S. van Niekerk.

Sekretaris: Die Administrateur.

Ondersteuningsraad:

Dr. P. W. Venter (voorsitter), ds. P. J. L. Bierman, mev. M. J. A. Ras, mev. A. De Wet, di. J. A. A. A. Schroeder, G. J. van Jaarsveld, C. S. van H. Steenekamp, C. J. Viljoen, J. J. Smit, J. C. de Lange, N. H. Buitenweg, J. J. Booyse, J A. Jacobs, A. Swart, J. P. van den Berg, R. P. Botha, J. D. H. Smit, mnre. J. G. Visser, J. H. Labuschagne.

Direkteur: Mnr. P. S. Oelrich.

Hoofkantoor:

T.O. Gebou, Simmondstraat 95, Braamfontein, Johannesburg, Tel. 724-0371/2.

Pretoria: Jacob Maréstraat 210, Pretoria. Telefoon 3-5203.

Wesrand: Krugergebou 17, Ockersestraat, Krugersdorp. Telefoon 660-4480.

Oosrand: Volkskasgebou, Presidentstraat, Germiston. Telefoon 51-2024

Lichtenburg: Kerkstraat 12, Lichtenburg. Telefoon 161.

Witbank: Kerkgebou, Gemeente Witbank, Posbus 552. Telefoon 226

Raad vir die Belydende Jeug:

Ds. W. J. Roos (voorsitter), ds. J. H. Steenekamp (skriba, Posbus 391, Brits), ds. J. J. Engelbrecht (jnr.), ds. N. H. Buitenweg, ds. F. du C. Labuschagne, ds. E. C. B. Kotze, mnr. D. C. L. Dreyer, ds. H. R. Visser, mnr. S. Gouws.

Raad vir Sondagskool en Kategese:

Ds. P. A. R. C. van Wyk (voorsitter), ds. C. J. Smit (skriba, Posbus 76, Ventersdorp), ds. S. E. Young, ds. W. C. M. de Beer, dr. L. M. le Roux, dr. J. I. de Wet, ds. J. H. Naude, mnr. C. G. de Groot, mnr. L. J. Loader.

Raad vir Opvoeding en Onderwys:
Dr. N. S. Botes (voorsitter), ds. D. B. Snyman (skriba, De Beerstraat 544, Wonderboom-Suid, Pretoria), prof. dr. C. K. Oberholzer, dr. J. L. van Staden, dr. L. M. le Roux, dr. J. I. de Wet, ds. C. J. Mans.

Raad vir Kerkargief en Museum:
Prof. S. P. Engelbrecht (voorsitter), ds. P. M. Smith, prof. dr. A. D. Pont, prof. H. M. van der Westhuisen, dr. J. Ploeger, ds. T. F. Dreyer, ds. S. J. Botha, mnr. A. B. van N. Herbst.
Sekretaris: Mnr. H. Rex, Posbus 2368, Pretoria.

Raad vir Voorligting Insake Maatskaplike Vraagstukke:
Ds. J. C. de Lange (voorsitter), ds. J. M. Fourie (Skriba, Posbus 53, Nylstroom), ds. W. P. van der Merwe, ds. J. J. Engelbrecht, ds. J. C. du Plessis, ds. J. H. van Staden, ds. S. J. Prins, dr. F. P. Theron, mnr. D. du Plessis.

Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte:
Prof. F. J. van Zyl (voorsitter), ds. G. M. M. Pelser (skriba, Posbus 782, Pretoria), proff. E. S. Mulder, S. P. J. J. van Rensburg, B. J. Engelbrecht, A. D. Pont, dr. J. I. de Wet.

Raad vir Ouderlinge:
Prof. dr. P. S. Dreyer (voorsitter), Oudle. P. W. van Staden, D. P. J. van Schalkwyk, J. P. van den Berg, P. J. Basson.

Raad vir die Handhawing van ons Protestantse Erfenis:
Dr. P. J. T. Koekemoer (voorsitter), ds. F. van Oosten (Skriba, Posbus 6, Zwartruggens), ds. P. S. van Staden, ds. P. G. van Staden, ds. G. J. van Jaarsveld.

Raad vir Arbeid onder Buitekerklikes:
Ds. C. J. S. van Niekerk (voorsitter), ds. M. J. Naude (Skriba, Posbus 42, Booysens, Johannesburg), dr. B. J. van der Merwe, ds. J. D. H. Smit, dr. J. A. A. A. Stoop.

Raad vir Arbeid onder Israel:
Ds. J. G. M. Dreyer (voorsitter), ds. J. P. Oberholzer (Skriba, Posbus 2368, Pretoria), prof. dr. E. S. Mulder, prof. dr. B. J. Engelbrecht, prof. dr. S. P. J. J. van Rensburg.

Raad vir Sektewese:
Dr. J. A. A. A. Stoop (voorsitter), ds. J. A. A. A. Schroeder (Skriba, Posbus 109, Brakpan), ds. H. M. E. Dreyer, ds. J. S. Marais, ds. W. J. Engelbrecht.

Raad vir Ekumeniese Sake:
Ds. A. J. van Staden (voorsitter), ds. C. J. Viljoen (Skriba, Posbus 73, Randgate), ds. D. J. A. G. du Toit, ds. J. N. Wolmarans, dr. A. J. G. Dreyer, ds. J. H. Koekemoer.

Raad vir Kerkmusiek:
Ds. C. L. v. d. Berg (Voorsitter), mnr. W. Mathlener (Sekretaris, Posbus 3052, Pretoria), ds. D. F. Erasmus (Jnr.), dr. P. W. Venter, mnr. S. Hofmyer-van der Merwe, mev. A. Conradie.

Raad vir Immigrante:
Ds. T. F. J. Dreyer (voorsitter), dr. J. F. Stutterheim (Skriba, Posbus 62, Craighall Park, Johannesburg), ds. K. Papp, mev. W. Mathlener, ds. J. P. Jacobs.

Raad van Sensus en Statistiek:
Ds. J. D. H. Smit (Voorsitter), ds. M. J. van Schalkwyk (Skriba, Posbus 44, Bronkhorstspruit), ds. J. A. P. van Tonder, dr. J. H. de Loor.

Bybelverspreiding:

Organiserende Sekretaris: Ds. Abr. Ras, Posbus 639, Johannesburg. Telefoon 23-6349.

Verteenwoordigers op die Adviesraad vir die Bybelgenootskap van S.A.:

Kaapstad — ds. A. Brandt.
Johannesburg — dr. P. J. T. Koekemoer, mnr. T. F. Muller.
Durban — ds. J. C. Kruger.

Hulpkommissie vir Bybelverspreiding:

Ds. M. J. Naude (Voorsitter), ds. P. A. R. C. van Wyk (Sekretaris, Posbus 2565, Pretoria), ds. F. J. Z. Booysen, dr. P. S. Dreyer, dr. Jan H. de Kock, ds. W. J. Roos.

Studiekommissie oor Afrika:

Ds. C. J. Mans (Voorsitter), ds. J. F. Mouton (Skriba, Posbus 203, Brits), ds. J. P. Oberholzer, ds. J. A. Smit, mnr. R. D. Coertze.

Sentrale Raad vir die Kerstening van die Heidene:

Prof. dr. P. S. Dreyer (Superintendent — Voorsitter), prof. A. D. Pont, prof. F. J. van Zyl, prof. H. P. Wolmarans, mnr. P. J. Riekert.

Skriba: Die Administrateur.

Ringsuperintendente:

Ring van Zoutpansberg	Ds. G. J. J. Labuschagne
Ring van Pretoria	Ds. J. P. Oberholzer.
Ring van Noordelike Pretoria	Ds. J. C. de Lange.
Ring van Rustenburg	Ds. J. F. Mouton.
Ring van Middelburg	Ds. J. G. du Plessis.
Ring van Zeerust	Ds. D. J. Dreyer.
Ring van Dullstroom	Ds. N. M. J. S. Heyneke.
